
# Afdeling 3: Konsolidasie en groei

## Hoofstuk 3.1

## DIE GEWETENSKLOUSULE EN DIE HERSTEL VAN DIE "VERMINKTE VAANDEL" (1921 – 1933)



…RIVATE WETSONTW…

…die "Potchefstroom Universiteitskol… …vate) Wet 1921" te wysig.

NADEMAAL daar op Potchefstroom in die Pr… Transvaal 'n instelling is vir hoër onderwys in lette… wetenskap, welke instelling van die jaar 1869 tot einde M… 1919 bestaan het as letterkundige en wetenskaplike afde… van die inrigting bekend as "De Theologiese School van Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika," gestig en in stan… gehou deur die kuratore van genoemde Kerk, en op die eerst… April 1919 onder die naam "Het Potchefstroom Universiteits-kollege voor Christelik Hoger Onderwijs" 'n afsonderlike instelling geword het onder beheer van 'n eie raad, gesubsidieer deur die voornoemde kuratore en deur die Regering:

*En nademaal die Regering nie meer sodanige beperking begeer nie en dit derhalwe wenslik is om die voorsiening vir sodanige beperking te herroep:*

En nademaal dit wenslik is om gemelde "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig in die opsigte hierbo aangedui:

WORD DIT DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

**1.** In artikel *een* van De Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921 (hierna genoem die hoofwet) word die woorde "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in die woordbepaling van "Het Kollege" vervang deur die woorde "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys". Wysig… van a… *een* v… No. 192…

**2.** In artikel *twee* van die hoofwet word die woorde—

(*a*) "tot *zeventien* inklusief" in sub-artikel (1) vervan… deur die woorde "*veertien, zestien* en *zeventien*," en

(*b*) "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in s… artiekel (2) vervang deur die woorde "Die Pot… stroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik… Onderwys."

…rtiekel *neentien van die hoofwet word verv*… …nuwe artiekel:—

"**19.** Niettegenstaande de be… …inrigting van de Uni…

**"Laat mij echter toe u er aan te herinneren, dat het gevaar van nadelige invloed op de jeugd uitgeoefend door leermeesters, die God niet vrezen en in Jesus Christus als Zaligmaker niet geloven, zeer groot is, en dat het de dure plicht van christenen is, om van hun vryheid gebruik makende, te eisen dat zij het recht zullen hebben om door de bestuurders hunner opvoedingsrichtingen te verhinderen, dat leermeesters zullen worden aangesteld, die hunnen kinderen afkerig zullen maken van de godsdienst, hun zo dierbaar."**

**- Ds DS Botha, Stellenbosch (moderator NG kerk), 1924**

**"Twaalfjaar lank moes met verminkte vaandel voortgegaan word. Nooit egter is vir een enkel oomblik die gedagte prysgegee om maar daarin te berus nie. Nee, dit was 'n smaadheid ons aangedaan, meer nog 'n smaadheid wat die Christelike Afrikaanse volk getref het, en daarom kon daarin nie berus word nie. In 1933 is deur wetgewing weer die volle naam herstel. Daar was blydskap en vreugde nie alleen in ons kring nie, maar oor die lengte en breedte van die land dat die smaadheid aan die Christelike belydenis weggeneem is."**

**- F Postma, in "Koers" X(4), Feb 1943 p 13**

## 3.1.1 VKHO en "Die Saaier"

Daar is reeds gesien hoedat, in die jare pas voor die totstandkoming van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys in 1919, gesukkel is om 'n vereniging vir die bevordering van hoër onderwys op gang te kry. Waar die totstandkoming van 'n sodanige interkerklike vereniging een van die voorwaardes was vir finansiële ondersteuning deur die Nederlandse "Vriende", was dit met 'n mate van genoegdoening dat prof Jan Kamp vroeg in Desember 1919 kon aankondig dat die lank-beloofde stigting van 'n Vereniging vir Christelike Nasionale Hoër Onderwys (VKNHO) op 29 November, ten tye van die Jubileumfeesvieringe van die Teologiese Skool en die dag na die indringende en openhartige onderhoud met prof JW Pont van die NZAV, geskied het. [1]


Te midde van al die kommissies en subkommissies wat, naas die Senaat, die Kuratorium en die Sinodes in hierdie tyd met die toekomsbeplanning van die Literariese of Kollege Departement geworstel het, het die VKNHO aanvanklik 'n ietwat lae profiel ingeneem. Die ledetal het geleidelik geklim, veral nadat ds ASE Yssel vir drie maande lank as sekretaris opgetree en met groot sukses lede gewerf het. Tydens die Julie-vakansie 1920 het hy, registrateur de Klerk en dosente van die PUK ywerig gemeentes vir die saak bearbei. [2]

Tydens die 1920-sinode van die Gereformeerde Kerk, wat in September gehou is en waar die uitgesproke Christelike belydenis in die naam van die universiteitskollege ter wille van finansiële oorlewing prysgegee moes word, het 'n twintigtal afgevaardigdes van die vereniging, wat teen dié tyd ongeveer 250 lede gehad het, in kongres vergader en is dit omvorm tot die Vereniging vir Kristelike Hoër Onderwys (VKHO). By hierdie geleentheid is as hoofbestuur aangewys ds WJ de Klerk (voorsitter), ds S Vermooten (vise-voorsitter), mnr JC van Rooy (sekretaris-penningmeester), ds M Postma en dr HD van Broekhuizen en proff JD du Toit en F Postma. [3]

'n Voorstel dat die woorde "op Gereformeerde grondslag" tot die naam van die vereniging gevoeg word, is nie aanvaar nie omdat dit maklik die persepsie kon skep dat dit suiwer 'n aangeleentheid van die Gereformeerde Kerk aangeleentheid was. [4] Die inspirasie agter die afgestemde voorstel was waarskynlik die situasie aan die VU in Nederland, waar die term "gereformeerd" oor enge kerkgrense heen gesny het. [5]

Die benoeming van ds Vermooten (Hervormde Kerk) en dr van Broekhuizen (NG Kerk) was 'n teken maar tegelykertyd ook 'n vasberade poging om 'n breë, interkerklike basis vir optrede daar te stel. Vorentoe sou hierdie beweging 'n waardevolle bondgenoot wees in die PUK se stryd teen die gewetensklousule.

Die VKHO het hom sterk vir die bevordering van Christelike hoër onderwys sowel as vryheid op






*3.1.1*

***Dr HD van Broekhuizen (bo) van die NG Kerk en ds S Vermooten (onder) van die Hervormde Kerk het hulle gewig ingegooi agter die stryd teen die gewetensklousule.***

onderwysgebied beywer en wou as waghond dien teen wetgewing of ander optredes waardeur daardie vryheid belemmer kan word. Die VKHO het, finansieel en andersins, sy steun aan die PUK toegesê, solank dit aan die beginsels van die vereniging sou beantwoord. Deur die verspreiding van lektuur en op ander wyses sou dit die saak van Christelike hoër onderwys probeer bevorder.[6]

Op sy eerste hoofbestuursvergadering het die VKHO besluit om 'n minimumbedrag van £250 aan die PUK te laat toekom terwyl 'n kommissie benoem is om die kweekskool van die Nederduits Hervormde Kerk te ontmoet "en moontlik planne vir samewerking in die lewe te roep". Ook sou 'n brief aan volksraadslid ds LP Vorster gerig word, met die versoek om die "gewraakte" gewetensklousule in die Wet op Hoër Onderwys in die Volksraad ter sprake te bring, met die oog op wysiging of skrapping.[7]

In 1921, die tweede bestaansjaar ná die herlewing van die beweging, figureer Postma as "organisator" en word aanspraak gemaak op 27 takke en ongeveer 700 lede in Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie. In 'n omvattende publisiteitstuk in die vorm van 'n vraeboekie wat in 1921 uitgegee is, is die voorlaaste vraag of die vereniging nie 'n kerklike vereniging is nie. Die antwoord is nee, dit bevorder Christelike wetenskap. Artikel 8 van die statute bepaal dat alle hoër onderwys geheel en uitsluitend berus op "Gods Woord, ooreenkomstig die beginsels neergelê in die Belydenis Skrifte van die drie Hollandse Kerke in S.-Afrika".[8]


DIE SAAIER

Orgaan van die Vereniging vir Kristelike Hoger Onderwys en die Unie van Studente en Oudstudente van die Teol. Skool en P.U.K.

Jaargang I Potchefstroom, Mei 1923 No I

"Die Weste"-Drukkery, Potchefstroom.

***3.1.2***

***Die Saaier.***


Vanaf Mei 1923 verskyn *Die Saaier* as mondstuk van die VKHO in kombinasie met die Unie van Studente en Oudstudente (USOS) van die Teologiese Skool en PUK. Prof Ferdi Postma en kollega JC van Rooy dien saam met USOS se HG Schulze op die redaksie, met eersgenoemde as hoofredakteur en van Rooy in beheer van die blad se administrasie. As doelwit word gestel: "Die saad van die Kristelike beginsels moet gestrooi word ... Op al die akkers van die lewe moet die saad gestrooi word ... *Die Saaier* sal insonderheid die akkers van onderwys bestrooi ...".[9] In wese was *Die Saaier* dus maar niks anders nie as 'n spreekbuis van die PUK.

Die VKHO en USOS het probeer om ook Korps met sy blad *Veritas Vincet*, wat in hierdie tyd maar 'n sukkelbestaan gevoer het, te betrek en een gemeenskaplike mondstuk onder laasgenoemde naam te hê. Na deeglike bespreking en aanvanklik gunstige oorweging, is die voorstel uiteindelik tog van Korps-kant geveto.[10] Geen redes is verskaf nie, maar dit kan aanvaar word dat die Korpsmanne tog maar 'n bietjie skrikkerig was vir dominering vanaf die hoër vlakke.

Die jong, dinamiese PUK-dosent LJ du Plessis het skerpsinnig waargeneem dat minister Patrick Duncan kort tevore wetgewing hanteer het waarin bepaal is dat, ten opsigte van sekere instellings (onder andere die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege te Fort Hare), geen godsdienstige toets mog plaasvind nie "behalwe met toestemming van die Minister". Hierdie "opening van die ministeriële toestemming" bestaan nie in die wet wat op die Universiteit van Suid-Afrika en dus ook op die PUK van toepassing is nie en gevolglik stel du Plessis die vraag in 'n brief in *Die Saaier*, mondstuk van die VKHO: "Is so 'n formulering, waarvan die presedent nou gestel is, nie miskien voldoende beveiliging vir die selfhandhawing van enige Kristelike Kollege en met name van die P.U.K.?"[11]

Inderdaad het daar, heeltemal buite die PUK om, 'n nogal taamlik warm debat in die parlement plaasgevind juis oor die saak wat vir die PUK so na aan sy hart gelê het: die houdbaarheid van die gewetensklousule.

In die volgende uitgawe van *Die Saaier* word aangesluit by du Plessis se opmerkings en wel in 'n artikel onder die opskrif "Middeleeus of Modern?", kennelik uit die pen van Ferdinand Postma as redakteur. Die artikel handel oor die "interessante diskussie" wat oor die saak waarna du Plessis verwys het, in die parlement



***3.1.3***

***CJ Langenhoven is deur PUK-rektor Postma kortgevat oor sy standpunt dat teenstand teen die gewetensklousule 'n terugkeer na die Middeleeue gepaard met korrupsie van die twintigste eeu beteken.***





***3.1.4***

***Volksraadslid NC Havenga en senator FW Reitz - ondersteun ook die veldtog teen die gewetensklousule.***

plaasgevind het. Die argumente wat in en deur hierdie debatte en in Postma se artikel na vore gekom het, sou meermale in die toekoms aangewend word in die volgehoue stryd rondom die gewetensklousule - oor dus na *Die Saaier* en na Postma.

Die betrokke wetsontwerp wat deur minister Duncan hanteer is, het aan die Tegniese Hoërskool te Durban (die Durbanse Tegniese Instituut) en SA Naturelle Kollege Zonnebloem die reg laat toekom om godsdienstige toetse aan te lê by die aanstelling en opname van personeel en studente. In sy repliek op besware het minister Duncan daarop gewys dat 'n godsdienstige toets deel is van die konstitusie van die betrokke naturellekollege, dat dit nie daarsonder sal kan voortgaan nie. En daaraan toegevoeg "dat daar gevalle mag voorkom waar godsdienstige groepe in die toekoms dit op hul mag neem om inrigtings op te rig. Daar bestaan selfs sulke inrigtings; en waarom kan hulle nie bepaal wie hulle wil toelaat nie?"

In die Senaat het die minister verwys na Potchefstroom se destydse aansoek (1920-1921) om by wyse van 'n bepaling sy Christelike karakter te kon handhaaf. Hy het egter hierdie versoek geweier omdat universiteitskolleges onder die bestaande wet val en daar geen uitsonderings gemaak kon word nie. Hierdie dun lyn van argumentering is deur *Die Saaier* afgemaak as "geen argument" nie. In beide gevalle is spesiale wette gemaak, maar waarom het die minister nie toe dieselfde maatstaf as tans aangelê nie? Hopelik, sê *Die Saaier*, het die minister agterna "tot helderder gedagte gekom"; in elk geval bied hierdie uitlatings van die minister 'n opening vir die VKHO om die omstrede klousules in die Universiteitswet in die toekoms verwyder te kry.

Tydens die besprekings in die parlement het volksraadslede JA Venter en NC Havenga en senator FW Reitz gepleit vir die skrapping van die artikel of dat minstens, in die woorde van Havenga, "die Minister die reg sal hê om te voldoen aan die begeerte van instellings wat deur die Kerk ondersteun word". Die Arbeiders en veral adv. Morris Alexander was weer sterk gekant teen die mag wat aan die minister verleen sou word en is daarin ondersteun deur niemand minder nie as senator CJ Langenhoven, wat hom sterk uitgelaat het teen inrigtings wat wel 'n godsdienstige toets wil aanlê: "Ons gaan terug na die Middeleeue met die korrupsie van die twintigste eeu."

*Die Saaier* (Postma) het Langenhoven kortgevat: "Is dit dan nou so 'modern', die geestesrigting van ons tyd, dat die toets van die gesag van Gods Woord nie meer aangewend mag word in die opvoeding van die volk nie? Is die s.g. neutrale standpunt, wat niks minder beteken as die ongelowige standpunt nie, so veel verkiesliker. Die woorde van die Minister: 'daar gevalle mag voorkom ens.' is veel beter; hier is 'n erkenning van die reg van verskillende groepe en mense in die maatskappy en in die Staat ... Liewers die eerbiediging van Gods Woord en Sy gesag van die Middeleeue as die verregaande minagting en versmading van die Naam van God van die moderne tyd. Teen hierdie soort van 'moderniteit' op die gebied van wetenskap moet die stryd aangebind word. 'Middeleeus' mag dan die benaming word van die wat vir die gesag van Gods Woord buig, maar in hierdie opsig liewer middeleeus as modern." [12]

Die skynbare verandering in gesindheid is, volgens *Die Saaier*, verder weerspieël in die bewoording van 'n kennisgewing in die Staatskoerant betreffende die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege, wat woordeliks aangehaal word: "Die kollege sal 'n kristelike kollege

wees en terwyl geen spesiale godsdiens toets mag ingestel word nie, sal al die lede van die personeel belydende kristene wees en in simpatie met die sending." Hierdie kennisgewing het elders in die blad 'n prominente "NOTA BENE!" ontlok: "Ons vorder dus. Die Ver. vir Kristelike Hoër Onderwys sal van hierdie feit deeglik gebruik maak, wanneer hy met sy petiesie voor die dag sal kom." [13]

In lyn met sy "saai"-missie, het die VKHO-mondstuk vanaf sy Oktober 1923 uitgawe die kwessie van die gewetensklousule van nader bekyk in 'n reeks artikels onder die titel "Waarheid en Vryheid". Die skrywer was weer Ferdinand Postma. [14] In hierdie reeks is nie alleen gehandel met die standpunte en argumente van diegene wat nie die klousule verwyder wou sien nie, maar is ook pertinent uitgewys dat daarvan nie 'n kerklike kwessie gemaak moet word nie en dat dit foutief is om die soeke na die waarheid nie te wil rym met 'n Christelike gesindheid nie. Die gewetensklousule is in besliste stryd met die strewe om op wetenskaplike gebied die eer van God te handhaaf.

Terwyl Postma in sy artikels moeite gedoen het om die kerklike faktor uit die vraagstuk te hou, is daar tog in die "Nota Bene" kommentaar pertinent verwys na die Gereformeerde Kerk wat deur middel van verskeie sinodes hard daarvoor geywer "en die Regering gesmeek en gepetisioneer (het), om as sy kollege geïnkorporeer word, die opening te gee dat sy kristelike karakter gehandhaaf kon word". [15] Al was dit die waarheid, sou dit onvermydelik die beeld versterk van 'n universiteitskollege geklee in 'n kerklike (Gereformeerde) kleurbaadjie.


Dit sou inderdaad nie maklik wees om die ander kerkgenootskappe vir die saak te wen nie.

### 3.1.2 Monstering van bondgenote

Die dood in November 1920 van die beroemde Nederlandse politikus en kerkleier, dr Abraham Kuyper – wat ook as stigter van die Vrije Universiteit van Amsterdam sy stempel op die geskiedenis van hoër onderwys afgedruk het – is oor Afrikaanse kerkgrense heen betreur en sy nagedagtenis vereer. So vind daar 'n herdenkingsaand in die Gereformeerde Kerk Pretoria plaas, waar nie net die plaaslike predikant en prof JD du Toit van die Teologiese Skool nie, maar ook dr Keet en dr HD van Broekhuizen van die NG Kerk optree. 'n Rukkie later verskyn daar 'n huldigingsbrief van prof EE van Rooyen van die kweekskool van die NG Kerk te Stellenbosch in *De Burger*, waarin hy Kuyper loof as 'n tien-talent mens, "een grote gave Gods aan kerk en kristendom". Hy het ook Kuyper se intense, vurige belangstelling in die Afrikanervolk tydens die Anglo-Boereoorlog geloof. [16]

Hierdie uitinge van gemeenskaplike solidariteit met die geestelike nalatenskap van Kuyper, wat in 'n sekere sin as geestelike vader of rolmodel vir die Potchefstromers gedien het, sou heel moontlik by die voorstanders van Christelike hoër onderwys 'n sprankie optimisme laat opvlam het oor die verlangde gesamentlike aksie ter bereiking van dié doelstelling. Maar hierdie breër bewussyn sou nie maklik of noodwendig die PUK-pad volg nie.

In April 1922 het die Johannesburgse ring van die Hervormde Kerk by dié kerk se sinode aanbeveel dat 'n Christelik nasionale universiteit opgerig moes word. Van die kant van die PUK en die VKHO is die strewe en motivering hiervoor verwelkom, maar daarop gewys dat die VKHO hom sterk hiervoor beywer en dat die PUK juis en reeds in hierdie behoefte voorsien. [17] 'n Rukkie later weer is, tydens 'n VKHO-konferensie op Frankfort in die Vrystaat, besluit dat finansiële steun nie net aan die PUK nie, maar ook aan enige ander inrigting wat dieselfde doel nastreef, verleen sal word. Dit het Postma laat waarsku teen verbrokkeling van kragte en hy het, met verwysing na die feit dat in Nederland skaars die Vrije Universiteit in stand gehou kon word, net een Christelike universiteit as ideaal voorgehou.



PETIESIE

*Aan die Edelagbare Speaker en Lede van die Volksraad van die Unie van Suidafrika:*

Die nederige Petiesie van die ondergetekendes; wat met verskuldige eerbied te kenne gee dat:

Art. 25 van die "Uniwersiteit van Suid-Afrika Wet, 1916" en Art. 15 van die "Hoër Onderwys Wet, 1917" is

(a) in stryd met die groot beginsel deur die wet neergelê dat "elk Kollege zal worden aangemerkt als een van staatswege ondersteunde instelling" (Hoër Onderwyswet, 1917, hoofstuk I, art. 2 (I) waarin opgesluit lê dat Uniwersiteits kolleges of Uniwersiteite moet ontstaan en in stand gehou word deur partikuliere inisiatief, voordat van Regeringsweë subsiedie kan verleen word;

(b) 'n belemmering van alle vrye inisiatief, sodat insonderheid alle Kristelike inisiatief onmoontlik gemaak word;

(c) in stryd met die beginsel aangeneem in die Hoër Onderwyswet 1923, met betrekking tot sekere onderwysinrigtinge o.a. die Suidafrikaanse Naturellekollege (Zonnebloem) waar klousule 17 bepaal: zonder de toestemming van de Minister mag niemand op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoetst worden, enz." 'n Klousule wat deur die Minister van Onderwys met die volgende woorde verdedig is: "Daar mag gevalle voorkom waar godsdienstige groepe in die toekoms dit op hulle mag neem om inrigtings op te rig. Daar bestaan selfs sulke inrigtings; en waarom kan hulle nie bepaal wie hulle wil toelaat nie?"

En versoek dus met verskuldigde eerbied dat die genoemde artiekels uit die wette sal geneem word, sodat teenstrydighede uit die wette sal weg geneem word, en die vryheid van kontribuerende vereniginge of korporasies tot sy reg kan kom,

Of 'n volledige wettelike erkenning en gelyke subsidiering van inrigtinge vir Hoër Onderwys op Kristelike grondslag.

***3.1.5***

***VKHO petisie teen die gewetensklousule, 1923.***

Postma het onbeskaamd gewys op die rol wat die Gereformeerde Kerk in die totstandkoming van die PUK gespeel het, dat die PUK "die grootmaak kind" van hierdie kerkgenootskap was. Die geleentheid is daar "om nou saam te staan en te konsentreer om te verwesenlik … die noodsaaklikheid van 'n Krist(elike) Universiteit … As daar ooit 'n tyd is waar die Hollandse Kerke moet konsentreer in hulle gemeenskappelike stryd teen die ongeloof, dan is dit nou". [18]

Met Postma ook hier maar weer die baasbrein agter die skerms, het die VKHO reeds in April 1922 die saak van die gewetensklousule vir hulle agenda geneem. Nie net het die bestuur van die vereniging die saak deurgevoer na die twee ander Afrikaanse kerkgenootskappe (Hervormde en Nederduits Gereformeerde Kerke) nie, maar het dit in April 1923 ook 'n petisie ten gunste van die verwydering van die gewetensklousule landswyd gesirkuleer. [19]


Afgesien van die petisie, waarmee baie moeite gedoen en vanuit verskeie oorde insette ter verfyning gevra en verkry is, het die bestuur van die VKHO ook toegesien dat die saak voor die 1923-kongres van die Kaaplandse Nasionale Party dien. Die betrokke beskrywingspunt, wat herroeping van die gewetensklousule vra en ingedien is deur VKHO-lid P Hamersma van Victoria-Wes (ondersteun deur hoofbestuurslid ds CWM du Toit), het heelwat simpatie ontlok.

NP-leiers drr AJ Stals en DF Malan was nie ten gunste van skrapping van die klousule nie, maar hul aanvaarde beskrywingspunt het dit gewens geag dat spesiale wetlike voorsiening gemaak sal word vir die erkenning en subsidiëring van skole vir hoër onderwys met Christelik-godsdienstige grondslag.[20] Vir die opponente van die gewetensklousule sou hierdie standpunt groot hoop vir die bereiking van hul ideale inhou.

Ds CWM du Toit, jonger broer van Totius en nou predikant te Frankfort, het gevoel dat die vryheid van Christelike hoër onderwys moontlik gemaak sal word indien die aanvaarde voorstel in wetgewing omskep kan word. Dit sou natuurlik nog beter gewees het indien die gewetensklousule geskrap kon word, dan sou elke universiteit of kollege vry gewees het om die karakter van hul hoër onderwys te bepaal. "Die bedoeling", sê hy, "is nie om vir ander te dikteer nie, maar om 'n gelyke kans te kry vir C.H.O. wat vandag nie bestaan nie … Om altans openlik die Christelike naam en karakter van 'n inrigting vir C.H.O. te handhaaf in S.A. is vandag onwettig." [21]

Intussen het die NG Kerk gunstig gereageer. Die Algemene Sinodale Kommissie het vroeg in Desember 1923 die ondertekening van die petisie baie sterk by kerkrade aanbeveel en die moderator van die kerk, ds DS Botha, het 'n sterk-bewoorde brief ter ondersteuning in die NG mondstuk *Die Kerkbode*-





***3.1.6***

***Prof A Moorrees (links) en ds DS Botha (regs) was albei lede van die Raad van die Victoria Kollege (latere Universiteit van Stellenbosch) in 1917. Prof Moorrees wou reeds vóór 1918 al die gewetensklousule uit sy nuwe universiteit se wet weer, maar sonder sukses. As moderator van die NG-Kerk het ds Botha hom ook sterk beywer vir die verwydering van die omstrede klousule.***

gepubliseer. Dit is die dure plig van Christene, skryf ds Botha, om die reg op te eis om te verhinder dat bestuurders van opvoedkundige inrigtinge hulle kinders afkerig maak van die godsdiens wat vir hulle so na aan die hart lê. Die saak het ook sterk ondersteuning in 'n hoofartikel van die kerk se mondstuk, *Die Kerkbode*, ontvang. [22]

Binne die NG-Kerk was daar in die vroeë en middel twintigerjare 'n mate van onrus oor die toestand aan universiteite. Met inagneming van die groot rol wat hierdie kerk gespeel het in die totstandkoming van inrigtinge vir hoër onderwys (Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch, die kolleges te Wellington en Bloemfontein (Grey) en verskeie ander dames "seminarieën"), is deur *Die Kerkbode* daarop gewys dat hoër onderwys dus veel aan "onze kerk" te danke had. Maar nou word oral, ook in kerklike vergaderinge, stemme van onrus gehoor oor ongewenste invloede op universiteite. By een so 'n geleentheid het 'n afgevaardigde selfs 'n universiteit by die naam genoem, terwyl die ring van Swellendam die regering versoek het om, desnoods deur wetgewing, universiteite te magtig om by benoeming van dosente navraag te doen oor applikante se godsdiens. [23]

Die onrus het ook in die korrespondensiekolomme van die NG-Kerk se mondstuk uitgeslaan en een vinger het spesifiek na die Universiteit van Stellenbosch gewys. Prof A Moorrees, op hierdie tydstip voorsitter van die Universiteitsraad, [24] het skerp gereageer, ook ter verdediging van rektor Cillié, en met 'n lasteraksie gedreig. [25] Moorrees, wat hom sterk met die Potchefstromers se stryd teen die klousule vereenselwig het, het in die proses onthul dat hy, met die vaslegging van die wetgewing waardeur sy universiteit tot stand gekom het, sy bes probeer het om hierdie omstrede artikel te weer, omdat dit nie in die akte van die ou Victoria Kollege voorgekom het nie. Die minister was egter onverbiddelik. As apologeet vir sy universiteit wat van 'n anti-kerklike of ongodsdienstige gees beskuldig is, is dit vir Moorrees moeilik om sy saak te stel: "Hoe ouder ik word, des te afkeuriger ben ik van alle twisgeschrijf, vooral tegen broeders, met wie ik het toch in de grond der zaak éêns ben." [26]

'n Vlugtige soektog kon geen data oplewer oor hierdie aanspraak van Moorrees oor sy bestryding van die gewetensklousule nie. Hy was egter op daardie stadium voorsitter van die Raad van die Victoria Kollege en kon heelwaarskynlik in sy persoonlike hoedanigheid vertoë tot destydse minister van Onderwys, FS Malan, gerig het. Ook ds DS Botha, moderator van die NG Kerk, het tot die verdediging van prof Cillié toegetree. [27]

Dit was asof hierdie polemiek oor die situasie in Matieland 'n lont aangesteek het. *Die Kerkbode* het die verwikkelinge gekoppel aan die voorgenome wetsontwerp van die PUK. Verwysende na hierdie instansie se vergeefse pogings om tydens inkorporasie sy karakter te behou, beskou die blad die opneem van die gewetensklousule in die universiteitswetgewing as ongelukkig en wel "omdat dit eigenlik bij ons iets nieuws was en daartoe naar ons oordeel geen genoegzamen reden was".


Heelhartige steun is aan die Gereformeerde Kerk beloof en dié kerk se voorneme om ook ander kerke te betrek is hartlik verwelkom. "Het komt ons voor", sê die blad, "dat wij ons op die vooravond van 'n heftige stijd bevinden tegen de geopenbaarde godsdienst." [28]

Hierdie standpuntinname deur *Die Kerkbode* het nie net die dank van sy Gereformeerde eweknieblad ontlok nie, [29] maar is opgevolg met 'n uitspraak van die Sinodale Kommissie van die kerk ten gunste van die verwydering van die gewetensklousule uit die wet op hoër onderwys. Ook is volle ondersteuning gegee aan die breë komitee wat in Kaapstad tot stand gekom en hom vir die saak beywer het. [30]

Aan die ander kant was die pogings om die Hervormde Kerk se steun vir die saak te verkry, nie so suksesvol nie. Besiel met die ideaal om sy eie predikante op te lei, het hierdie kerkgenootskap in 1917 met die Presbiteriaanse Kerk saamgespan en 'n fakulteit Godgeleerdheid aan die Transvaalse Universiteitskollege tot stand laat kom. Dr JHJA Greyvenstein is as eerste professor aangestel en in 1921 het dr SP Engelbrecht as tweede dosent van die kerk diens aanvaar. In 1924 is hy tot professor bevorder. [31] Soos reeds bo aangetoon, het hierdie kerkgenootskap in Transvaal in April 1922 'n behoefte aangevoel vir 'n eie Christelik-nasionale universiteit en het dit 'n negatiewe reaksie van Postma en sy blad, *Die Saaier*, ontlok.

Van die VKHO se opdrag, tydens die hoofbestuursvergadering in 1920, dat 'n kommissie met die kweekskool van die Hervormde Kerk moes onderhandel met die oog op nouer samewerking, het skynbaar niks gekom nie. Rektor Postma het wel in 1922 die algemene vergadering van dié kerk oor die gewetensklousulekwessie toegespreek, maar volgens latere notulering deur dié kerkgenootskap "hulle nooit tot samewerking uitgenooi nie". [32]

Ondersteuning vir die petisie van die VKHO teen die gewetensklousule is deur hierdie kerk aan predikante in hul individuele hoedanigheid oorgelaat. Twee lede van die Sinodale Kommissie, di J van Belkum en S Vermooten, het dit wel gedoen, terwyl die kerkkantoor self behulpsaam was met die verspreiding van die petisie. [33]



***3.1.7***

***Dr DF Malan***

***PUK-twyfel oor die bona fides van dr Malan, vir sover dit Christelike beginsels betef, kom 'n ver pad. Reeds in 1912 was daar 'n polemiek oor die invloed van oorsese studie op die godsdienstige aard van Afrikaners.*** **De Jonge Kalvinist*****, versorg deur persone soos ds Willem Postma, prof JD du Toit, Jan Kamp en ander uit die Gereformeerde stal, was skerp krities oor 'n uitlating van dr Malan, destyds nog predikant wat "op ethiese manier (kom) vertel, dat 'n mens sijn vrijheid moet gehandhaaf worden om sijn karakter te vorm", en ook omdat hy sou gesê het dat 'n mens die eerlike twyfel, soos oor die Bybelverhaal Jona en by die apostel Thomas, behoort te respekteer omdat sodanige eerlike twyfel uit God is.***

***Nee, sê die "Dopper"-blad, daar kan by 'n Christen eerlike twyfel wees, maar dan's dit nie uit God nie, maar van die duiwel. Dan wys die blad daarop dat Malan aan die teologiese fakulteit te Utrecht, Nederland gestudeer het, wat sonder dogma en sterk eties is. Hoe lank nog, is die vraag, moet hierdie "ethiese vromigheid" as hoogste wysheid aanvaar word? Inteendeel, dit sal net die brug wees na modernisme en ongeloof, soos blyk uit die feit dat "Dr. Malan sijn spiets" reeds aangegryp word om die geloof mee te slaan.***

**De Jonge Kalvinist** ***het ook swaarde gekruis met ds H Bosman, wat tydens die opening van die sinode van die NG Kerk 'n striemende aanval op dr Abraham Kuyper gedoen het oor laasgenoemde se samewerking met die Roomse politieke party in Nederland. Hierdie soort kritiek loop nie maar soos water van 'n eend se rug af nie ...***

Vroeg in 1924 was daar tydens 'n kerklike vergadering 'n voorstel dat die Hervormde Kweekskool na Potchefstroom verplaas word, omdat die universiteitskollege aldaar op 'n Christelike grondslag staan, maar die teologiese professore het hulle daarteen verset en 'n universiteit met 'n "kleurlose opleiding" verkies. [34]

Diepgaande kerklike verskille het skynbaar ten grondslag gelê van die onwil tot samewerking. Hierdie kerk, en sy twee professore (JH Greyvenstein en SP Engelbrecht) se byna vyandige en afkeurende houding jeens "Kuyperianisme" en "neo-Calvinisme", het ook die besoekende Nederlandse teoloog, prof dr HH Kuyper (seun van die beroemde Abraham Kuyper) opgeval: "Voor een Universiteit op Christelijken grondslag voelde deze professoren blijkbaar nie … Maar kan men van de Utrechtse ethische heeren wel anders verwachten? Het Calvinisme is altoos hun schrikbeeld geweest." [35]

Hierdie Kuyper-uitspraak oor "Utrechtse etische heeren" is inderdaad veelseggend en dui nie net op die kloof tussen die onderskeie kerklike geesverwante in Suid-Afrika en Nederland nie, maar staan ongetwyfeld ook in verband met die felle ideologiese stryd tussen die Universiteit van Utrecht en die Vrije Universiteit van Amsterdam; laasgenoemde met wie die PUK sulke noue bande onderhou het.

Die VKHO-petisie wat intussen in omloop gekom het, het binne vier maande meer as 3000 handtekeninge gewerf, maar is op die ou einde nie, soos die bedoeling was, by die parlement ingedien nie en wel vanweë die algemene verkiesing van 1924 wat op hande was en die optimistiese verwagtinge vir bewindsoorname deur 'n meer simpatieke regering. Dit het toe ook so gebeur en met die Nasionale Party van genl JBM Hertzog nou aan die roer van sake het die verwagtinge hoog geloop. Die nuwe volksraadslid vir Potchefstroom, ds ML Fick, het onderneem om die saak met die regering op te neem terwyl dr Malan, wat intussen aangewys is as minister van Onderwys, ook meer positiewe geluide laat hoor

en hom ten gunste van meer Christelike onderwys en groter erkenning aan Christelike instellings uitgespreek het.[36]

Gerugsteun deur die sukses met die petisie en die feit dat die Gereformeerde Kerk sowel as die Nederduits-Gereformeerde Kerk die saak steun, is die saak weer op die Kaaplandse NP-kongres van 1924 geopper. Daar was sterk steun, maar weer het dr Malan tot kalmte gemaan en die vorige jaar se besluit as voldoende voorgehou. Hy het homself 'n voorstander van Christelike onderwys verklaar, maar daar was te veel praktiese probleme om die klousule te verwyder.

As betrokke minister was hy bereid om, indien een of ander kollege of universiteit sy grondwet wou verander, hulle die geleentheid daartoe te bied. Hy wou hom egter nie kompromitteer nie en kon niks belowe nie.[37] Dit moet onthou word dat Malan 'n Utrecht-produk was. Die teoloë van hierdie inrigting, skryf HB Thom in Malan se biografie, was in hierdie tyd wel betreklik behoudend, maar het nie die "besliste ortodokse gesindheid" van die VU getoon nie. En vir Malan sou hierdie "Utrechtse Skool" nie vreemd aandoen nie.[38]

Geïnspireer deur hierdie verwikkelinge het ds WJ de Klerk, voorsitter, en sekretaris Ferdinand Postma namens die hoofbestuur van die VKHO in Desember 1924 samesprekings met dr Malan gevoer. Tydens hierdie samesprekinge het dr Malan, volgens Postma se verslag, aanbeveel dat die weg gevolg word van "volledige wettelike erkenning en gelyke subsidiëring van inrigtinge vir Hoër Onderwys op Kristelike grondslag". Hy het ook voorgestel dat "representasies" by hom gemaak kon word vir die veranderinge in die Private Wet van die Kollege.[39]

Die VKHO het nou die saak na die Raad verwys, om verder inisiatief te neem.[40]

### 3.1.3 Pogings tot wetswysigings

Geadviseer deur die hoofbestuur en plaaslike lede van die VKHO, het die Raad hom tot die minister gewend, met die versoek vir wetswysigings sodat art. 15 van Wet 20/1917 (die sg. gewetensklousule) nie op die PUK van toepassing moes wees nie en dat die naam van die inrigting verander word na "Het Potchefstroomse Uniwersiteitskollege voor Kristelik Hoger Onderwys". Ook moes bepaal word dat hierdie Kollege "erken sal word as 'n inrigting vir Kristelik Hoër Onderwys en dat die Raad van die Kollege by die aanstelling, skorsing of ontslag van Professore en Lektore sal sorg dra vir die handhawing van die Kristelike karakter van die Kollege". Hierdie besluit sou deurgestuur word aan die minister van Onderwys asook aan Minister PGW Grobler en ds ML Fick.[41]

Die trant van die skrywe aan die minister het 'n effense irritasie tot gevolg gehad. In die aanhef van die PUK-brief word die Raad se hartlike dank aan die minister oorgedra "vir u gewilligheid om die sg. gewetens klousule uit sy Kollege Wet te verwyder". Malan het egter ten sterkste ontken dat hy so 'n onderneming gegee het; hy het bloot te kenne gegee dat die Kollegewet alleen deur 'n privaat wetsontwerp gewysig kon word. Indien die PUK-Raad wens om so 'n ontwerpwysigingswet aan hom voor te lê, sou hy oorweeg of hy dit kan ondersteun.[42]

Hierop het die Raad besluit om 'n wysigingswet by die parlement in te dien en is die rektor, registrateur WJ de Klerk en raadslid JP Nel aangewys om dit voor te berei.[43] In Oktober rapporteer Postma aan die Raad dat die wetsontwerp opgestel en aan die minister voorgelê is. In die notule is verder opgeteken: "Sy Ed. het geen beswaar teen die ontwerp nie."[44] In 'n latere dokument is opgeteken dat die ontwerp by twee geleenthede met minister Malan uitgeklaar is voor publikasie.[45]

Om die beraamde koste van tussen £500 en £600 vir die indiening van die wetsontwerp te dek, het registrateur de Klerk in opdrag van die Raad bydraes by goedgesindes gaan vra. Hy en rektor Postma het hierdie "bedel"-fonds, soos daarna verwys is, op gang gekry met bydraes van £1 elk.[46]

Die opgewondenheid en afwagting oor die moontlike bereiking van die groot ideaal het 'n gevoelige knou gekry met 'n skrywe van die departement waarin meegedeel word dat die subsidie van die Kollege van die geykte 70%-formule tot 50% verminder sou word indien die voorgestelde wetswysigings aanvaar sou word.[47]

Postma, as hoofonderhandelaar namens die PUK, was ietwat uit die veld geslaan deur die houding van Malan. Volgens hom het die minister self die inhoud van die artikel wat nou skynbaar die struikelblok is en wat betrekking het op die handhawing van die Christelike karakter van die Kollege by die hantering van personeelsake, aan die hand gedoen, tydens een van hul samesprekinge. Hy herinner Malan ook daaraan dat hy by die laaste bespreking van die wetsontwerp verklaar het dat hy (Malan) "miskien 'n klein verandering" kan aanbring. Dit bring die of die subsidievermindering dan nou as 'n "klein verandering" gereken sou kon word.[48]

Op 25 November 1925 het die Raad van die Universiteit "met leedwese" kennis geneem van die minister se standpunt en is dit aan 'n deputaatskap

opgedra om hom in kennis te stel "dat so 'n beperking deur die Raad nie kan en nie mag aangeneem word nie, en dat die konsepwet sonder enige sodanige beperking by die Volksraad moet ingedien word". [49]

Hierdie verbete houding van die Raad is enersyds geïnspireer deur die finansiële implikasies wat dit vir die Kollege sou inhou, en andersyds vanweë beginselbesware.

Indien die aangekondigde beperking so aanvaar word, sê die Raad, sou dit 'n besliste erkenning wees dat die neutrale standpunt op die gebied van hoër onderwys meerderwaardig is teenoor die Christelike standpunt. Dis boonop in stryd met die grondwet se erkenning van die soewereiniteit en leiding van die Almagtige God, terwyl 'n soortgelyke beginsel as die wat vir die PUK beoog word, sonder benadeling vir die Fort Hare Kollege aanvaar is. [50]

Met kennisgewing aan die minister van Finansies, NC Havenga, [51] het die raadsdeputasie op 21 Januarie 1926 samesprekinge met die minister van Onderwys gevoer. PUK-weldoener minister Piet Grobler het as tussenganger opgetree: "Intusssen het ek gedoen wat ek kon en het ek taamlik hoop om die ding reg te kry, veral na my onderhoud met Generaal Hertzog. Ook dr Malan skyn in te sien dat daar 'n ander beskouing is wat wel goeie gronde voor bestaan." [52] Ingesluit by Grobler se brief was 'n tjek vir £10, ter delging van koste rakende die wetsontwerp.

Maar dr Malan het net sy skouers opgetrek en daarmee volstaan dat dit 'n kabinetsbesluit was. Hy het wel ingestem dat minister Piet Grobler die saak weer in die kabinet aanhangig kon maak. Hierna het die deputasie, ondersteun deur simpatiseerders soos prof Moorrees en ds D Botha van Stellenbosch en volksraadslede dr NJ van der Merwe, dr Herman van Broekhuizen en ds ML Fick (die sogenaamde "Hollandssprekende predikantslede van die Parlement", soos hulle in Raadsnotule 17.2.1926 genoem is), die eerste minister Hertzog self gepak, maar steeds tevergeefs: daar kon nie 'n uitsondering gemaak word nie.



*3.1.8*

***Minister PGW Grobler maak voorspraak vir die PUK se saak, en stuur £10 ter delging van koste vir die opstel van 'n privaatwetsontwerp.***

Die afvaardiging het nie moed opgegee nie en voelers uitgesteek: wat dan van die skrapping van die gewetensklousule as sodanig? Genl Hertzog het egter voet by stuk gehou: nee, dit kan nie. [53]

Wat nou?

Na die mislukking van hul sending het die deputate saam met simpatiseerders in Kaapstad koppe bymekaargesit en is 'n interkerklike komitee gekies, verteenwoordigend van die drie Afrikaanse kerke, om voort te stry vir die verwydering van die gewetensklousule uit die universiteitswette. Die lede van hierdie komitee was dr NJ van der Merwe, LV (sameroeper), prof AS Moorrees, ds D Botha, dr HD van Broekhuizen, sen CA van Niekerk, mnre L Steytler, M Malan en L Geldenhuys en prof F Postma, wat as sekretaris sou optree. [54]

Malan (Heilbron), Steyler (Albert), van der Merwe (Winburg) en van Broekhuizen (Pretoria-distrik) was al vier Nasionale Party-volksraadslede, terwyl Geldenhuys die Suid-Afrikaanse Party-lid vir Johannesburg was.

Na ontvangs van rapport van die gebeure in die Kaap, het die Raad die minister in kennis gestel "dat hy tot sy spyt vir die teenswoordige moes afsien van die indiening van die gepubliseerde wetsontwerp, omdat hy nie kan en nie mag aanvaar die beperking, wat die Ed. Regering besluit het toe te pas op die Kollege wanneer die deur wetgewing verklaar is tot 'n instelling vir Kristelik Hoër Onderwys". Daarmee saam gaan die bede: "Die Raad bid dat die Here dit genadiglik so mag beskik dat die Ed. Regering spoedig mag besluit om die **Kristelike** Onderwys gelykelik te subsideer met die **Neutrale** Onderwys, sodat naas onse taal ook onse tradisies gehandhaaf word." [55]

Postma het ook die moederinrigting Universiteit van Suid-Afrika, wat reeds in Desember 1925 formeel ingelig en op hoogte gebring is van die beoogde wetswysiging, [56] meegedeel dat die aansoek teruggetrek is en is die saak dus sonder bespreking van die inrigting se raadsagenda verwyder. [57]

# PRIVATE WETSONTWERP

## Om die "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig.

Aanhef.

NADEMAAL daar op Potchefstroom in die Provinsie Transvaal 'n instelling is vir hoër onderwys in lettere en wetenskap, welke instelling van die jaar 1869 tot einde Maart 1919 bestaan het as letterkundige en wetenskaplike afdeling van die inrigting bekend as "De Theologiese School van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika," gestig en in stand gehou deur die kuratore van genoemde Kerk, en op die eerste April 1919 onder die naam "Het Potchefstroom Universiteits-kollege voor Christelik Hoger Onderwijs" 'n afsonderlike instelling geword het onder beheer van 'n eie raad, gesubsidieer deur die voornoemde kuratore en deur die Regering:

*En nademaal die Regering nie meer sodanige beperking begeer nie en dit derhalwe wenslik is om die voorsiening vir sodanige beperking te herroep:*

En nademaal dit wenslik is om gemelde "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig in die opsigte hierbo aangedui:

WORD DIT DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel *een* van Wet No. 25 van 1921.

**1.** In artikel *een* van De Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921 (hierna genoem die hoofwet) word die woorde "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in die woordbepaling van "Het Kollege" vervang deur die woorde "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys".

Wysiging van artikel *twee* van Wet No. 25 van 1921.

**2.** In artikel *twee* van die hoofwet word die woorde—

(*a*) "tot *zeventien* inklusief" in sub-artikel (1) vervang deur die woorde "*veertien, zestien* en *zeventien*," en

(*b*) "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in sub-artiekel (2) vervang deur die woorde "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys."

*Wysiging van artiekel neentien van Wet No. 25 van 1921.*

**3.** *Artiekel neentien van die hoofwet word vervang* deur die volgende nuwe artiekel:—

Christelik karakter van het Kollege.

"**19.** Niettegenstaande de bepalingen van artikel *vijf* en *twintig* van de Universiteit van Zuid-Afrika Wet 1916 of een andere wet draagt de Raad bij het aanstellen, schorsen, bedanken of ontslaan van professoren, lektoren en andere leden van het onderwijspersoneel en van de registrateur en andere ambtenaren en bedienden van het Kollege zorg voor de handhaving van het Christelik karakter van het Kollege zonder aanwending van een denominationele toets".

Korte tietel

**4.** Hierdie Wet kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys (Private) Wet 1926.

***3.1.9***

***WETSONTWERP 1926. Die abortiewe privaatwetsontwerp van 1926, waarvolgens "Kristelik Hoër Onderwys" weer deel van die naam sou word. Die PUK-voormanne en dr DF Malan het skynbaar by mekaar verbygepraat …***

Maar die stryd sou voortduur, aangevuur deur die oortuiging dat die Christelike standpunt nie minderwaardig is ten opsigte van die sogenaamde neutrale standpunt nie.[58]

Op 14 Mei 1926 het ds ML Fick in die debat oor dr Malan se begrotingspos in die parlement namens "die mense" in sy kiesafdeling (Potchefstroom) gevra "of ons dit nou as 'n afgedane saak moet beskou dat die gewetensartiekel in die Onderwyswet bly staan".

Alhoewel die minister reeds daarop geantwoord het, stel Fick weer die saak: "Die mense wil hê dat hulle kinders onderrig word deur die regte persone en as hulle hulle kinders toevertrou aan 'n professor dan verwag hulle dat dit verstandige mense is wat hulle nie sal uitlaat oor hulle godsdienstige oortuiging teenoor die studente nie. Ons wil nie mense hê om die godsdiens in te pomp nie maar ook nie mense wat hulle neus optrek oor ons godsdienstige oortuiging en die van ons kinders nie... Ons wil nie... dat hulle godsdiens afdruk in die kele van ons kinders nie, maar ons wil ook nie dat hulle ongeloof of agnostisisme ons kinders leer nie." [59]

In die kort debat hieropvolgend het ook dr NJ van der Merwe en dr HD van Broekhuizen sterk pleidooie gelewer vir die verwydering van die omstrede klousule, maar dr Malan het voet by stuk gehou, dit nie nodig geag om iets by te voeg of weg te neem van sy onlangse standpunt nie. Maar tog: hy is altyd "ope" vir oortuiging en indien hy van 'n ander standpunt oortuig kan word, kan sy gedragslyn ook verander. [60]

Tydens die gradeplegtigheid op 15 Mei 1926 het sowel die voorsitter van die PUK-Raad, ds NH van der Walt, as rektor Postma sterk uitsprake gemaak teen die gewetensklousule. Laasgenoemde het veral swaarde gekruis met die administrateur van Transvaal en die minister van Onderwys, wat hulle wel in die openbaar as voorstanders vir Christelike onderwys betuig het, maar nie die gewetensklousule wou skrap nie omdat dit dan, volgens hulle, akademiese vryheid aan bande sou lê. Die behoud van die klousule, het Postma betoog, was in stryd met die grondwet, wat in 1925 die leiding en soewereiniteit van God deur wetgewing erken het. Malan het dit ook 'n beginsel van die wet genoem dat 'n inrigting wat van die klousule onthef wou word, tevrede moes wees met verminderde subsidie.

Postma kon hierdie kloutjie nie by die oor kry nie en kon ook nie begryp nie waarom persone wat Christelike beginsels huldig 'n boete opgelê en gekniehalter moes word. Deur die klousule te behou, neem die regering nie 'n neutrale nie, maar wel 'n anti-godsdienstige standpunt in. En sy troefkaart, wat meermale in die stryd teen die gewetensklousule voorgehou sou word: hoekom dan, sonder enige beperking ten opsigte van toelaes, aan die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege (Fort Hare) toestemming gee om sy Christelike karakter te behou en van sy personeel te vereis dat hulle "professing Christians and of missionary sympathies" moes wees? [61]

Ten spyte van die skynbaar ietwat gespanne gevoelens tussen die twee partye, ontvang dr Malan in hierdie tyd 'n geskenk van PUK-kant toe hy hom in die huwelik begewe. Namens homself en sy vrou bedank hy Postma hartlik daarvoor en voeg by: "In ons huis sal dit 'n ereplaas inneem en dit sal vir ons altyd 'n aangename herinnering wees aan die vriendskap van die vernaamste leiers op onderwysgebied op Potchefstroom en aan ons verpligting om met die beste wat in ons is die beste belange te dien van die inrigting waarin ook ons hartelik belangstel." [62]

Wat die aard van die PUK-geskenk was, en hoe dit aan die Malans oorgedra is, kon nie vasgestel word nie. Gesien die trant van die voorafgaande onderhandelinge en kontak tussen die twee partye, sou ingeligte rolspelers dalk die dankwoorde en veral die woorde "hartelik belangstel", ietwat sinies bejeën. Dieselfde kan dalk ook geld vir die oorhandiging van die geskenk.

### 3.1.4 Die stryd duur voort: breër platform

Al is daar van regeringskant 'n koue skouer ontvang – naamlik dat die PUK met verminderde subsidie tevrede sou moes wees indien hy sy Christelike karakter herstel wou hê – en al het die Raad van die PUK sy voorgenome wetsontwerp in dié verband teruggetrek, het die entoesiasme en ywer vir die saak nie getaan nie. Terwyl die PUK se aandag in hierdie tyd feitlik voltyds deur die stryd om finansiële voortbestaan in beslag geneem is, is die stryd voortaan vanaf 'n ander, veel breër, platform gevoer.

Die komitee insake die verwydering van die gewetensklousule (ook bekend as Hoofkomitee), wat in Kaapstad gevorm is en waarby gesiene persone van buite PUK-verband en ook lede van ander kerkgenootskappe betrek is, het oor 'n wye front aktief begin optree. Op 26 Mei 1926 het hierdie komitee in Kaapstad vergader en die byeenkoms is ook bygewoon deur afgevaardigdes van die NG Kerke van Kaapland, die Vrystaat en Transvaal. Die Hervormde Kerk het hom van die saak gedistansieer. By die geleentheid is 'n manifes, opgestel deur proff Moorrees en Postma en dr NJ van der Merwe, verfyn om die volgende dag aan dr Malan voorgelê te word. [63]

Hierdie manifes is onder andere onderteken deur NG predikante di DS Botha, IFA de Villiers, PZ Coetzee, PGJ Meiring en AJ Louw, deur prof Moorrees van die Kweekskool te Stellenbosch, prof JA du Plessis (PUK/Teologiese Skool), ds WJ de Klerk (PUK registrateur), mnr P Hamersma en volksraadslede drr NJ van der Merwe en HD van Broekhuizen en mnr ML Malan asook senator CA van Niekerk. [64]

Daar is tereg besef dat Malan die groot versperring en die struikelblok op die weg na die einddoel was. Alles moontlik sou gedoen word om hom te beweeg en tot ander insigte te probeer bring. Maklik sou dit beslis nie wees nie.

Dit is nogal opmerklik dat nóg die Malan-versameling, nóg die Malan-biografieë enige inligting bevat oor Malan se houding en optrede ten opsigte van hierdie aangeleentheid. Ook die dokumenteversameling van Malan het niks hieroor opgelewer nie. Rekenaarsoektogte in die argief van die departement van Onderwys kon ook nie die toepaslike dokumentasie blootlê nie.

Die Hoofkomitee het toe wel vir Malan gaan spreek en hul manifes aan hom oorhandig. Malan het hulle rustig aangehoor en later per brief laat weet dat hy steeds hou by sy standpunt soos in die parlement ingeneem. 'n Verdere poging om met Malan in die teenwoordigheid van premier Hertzog te beraadslaag is deur eersgenoemde gekelder omdat hy geen heil in so 'n ontmoeting gesien het nie. Ds Botha, wat nou voorsitter van die komitee was, het egter meegedeel dat Malan persoonlik aan hom te kenne gegee het dat die saak by wyse van 'n mosie in die parlement aanhangig gemaak kon word. [65]

Die Hervormdes was ook 'n harde neut om te kraak. In Julie 1926 rig prof Postma 'n skriftelike uitnodiging aan hierdie kerkgenootskap om saam te werk en deel te neem aan 'n beplande vergadering te Pretoria, ten einde 'n ontmoeting met die eerste minister te reël. Die plaaslike Hervormde predikant, ds WPJ Poën – wat terloops, enkele jare later (in 1932) as raadslid benoem sou word – het Postma ondersteun. Uit sowel Postma as Poën se briewe blyk dit dat daar 'n effense krapperigheid oor hierdie uitnodiging was, wat aanvanklik in oproepvorm in die NG mondstuk verskyn het. Toe daar skynbaar hieroor gemor is, het die Potchefstroomse leraar half ergerlik geraak: "Onze Kerk is **officieel** uitgenodigt in 't **officieel** orgaan der Ned. Ger. Kerk, in de **officieel** colom. As dit nog niet **officieel** genoeg is, weet ik niet." Postma het kort hierna 'n verduideliking gegee van hoe die saak eintlik geloop het: hy het aanvanklik vir medelid van die kommissie, dr van Broekhuizen, gevra om die skriba van die Hervormde Kerk oor hulle besluit in te lig, later ook vir prof Engelbrecht en ds Poën. En gee hy die versekering "dat daar nie die minste gedagte was om die Herv. Kerk verby te gaan nie". [66]



*3.1.10*

*Ds WPJ Poën*

In Oktober 1926 het Postma en die VKHO se versoek om die steun van die Hervormde Kerk voor die Kommissie van die Algemene Vergadering (KAV) gedien. Na betoë deur prof Engelbrecht (vir 'n "ruimer standpunt") en prof Gemser (oor ongelukkige gevolge "als de kerk heerscht over de Wetenschap") is op versoek van prof Engelbrecht gevra vir 'n beredeneerde opinie deur die professore terwyl ook besluit is "dat onze Kerk met deze zaak niet meegaat". Postma is dienooreenkomstig in kennis gestel. [67]

Die Hoofkomitee het intussen teen die einde van September 1926 in Bloemfontein vergader en sou hom voortaan toespits op massabeïnvloeding. Kongresse van die Nasionale Party, kerkblaaie van die verskillende Afrikaanse kerkgenootskappe en kerklike en openbare byeenkomste sou benut word om die saak te promoveer en dit is aan Postma en Van der Merwe opgedra om na die opstel van propaganda-artikels om te sien. [68]

Die reaksie was uiters bemoedigend. Die Transvaalse, Natalse en Vrystaatse kongresse van die Nasionale Party het hulle almal ten gunste van die verwydering van die gewetensklousule uitgespreek terwyl ook die Helpmekaar Vereniging sy ondersteuning gegee het. [69] In Kaapland het ds DS Botha, as afgevaardigde van die interkerklike kommissie, die saak hanteer "maar de tegenstand van Adv. Langenhoven en vooral van Dr Malan was te sterk" en die voorstel is met 54 teen 20 verwerp. [70] Die Kaaplandse Vroue Nasionale Party het in navolging van die mans met 'n meerderheid besluit het om in die status quo te berus. [71]

Omsendbriewe is aan alle Afrikaanse gemeentes in die land gestuur terwyl artikels oor die aangeleentheid in *Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Volksstem* en in die mondstukke van die Gereformeerde en NG Kerk verskyn het. Prof JA du Plessis het waardering betuig vir wat veral deur *Die Volksblad* en sy redakteur, dr AJR van Rhijn, vir die saak gedoen is. Maar daar is ook kennis geneem dat die Hervormde Kerk van Transvaal



***3.1.11***

***Die drie beswaarde professore van TUK, B Gemser, JH Greyvenstein en SP Engelbrecht.***

***Oudstudent SP Engelbrecht het in 1912 vir matriek ingeskryf as student aan die Teologiese Skool te Potchefstroom. Op 8 Februarie 1913 is hy verwelkom as lid van Korps VV maar ses maande later, op 2 Junie, word daar weer van hom afskeid geneem. Eers is hy versoek om die byeenkoms met skriflesing en gebed te open, daarna lewer hy 'n voordrag oor "De Voortrekkers". Die notule lui voorts só: "Na onderlinge besprekin [sic] , neemt de voorz. het woord en spreekt zyn leedwezen uit dat br. Engelbrecht die die avond zulk ekselent werk geleverd had ons gaat verlaten. Hy hoopt dat hy zal strijden voor 't Kalvinisme en zich in de verre zal bekwamen om die strijd voort te zetten. Onze bede en beste wensen vergezellen hem. Hierop bedankt br. Engelbrecht de brs. voor de hartelike belangstelling. Zyn tijd hier was de genoeglikste van zijn schooljaren, hy is dankbaar voor de goede Christ. richting die hy hier gekregen heeft."***

***In Nederland het Engelbrecht, finansieel ondersteun deur die NZAV, teologie aan die Ryksuniversiteit van Utrecht bestudeer waar hy in 1920 met 'n proefskrif oor die vroeëre geskiedenis van die Hervormde Kerk gedoktoreer het. In 1921 is hy as dosent in die Teologiese Fakulteit aan TUK in Pretoria aangestel en in 1924 bevorder tot professor. Engelbrecht het hom as kerkhistorikus en leiersfiguur in die Hervormde Kerk onderskei*** **(SA Biografiese Woordeboek V, pp 257-258).** ***Volgens die geskiedskrywers van die Universiteit van Pretoria was hy bekend as "onversetlike kampvegter" vir die belange van sy kerk en het hy dikwels in polemieke en persoonlike meningsverskille beland*** **(AN Pelzer e.a., Ad Destinatum 1910-1960, p 168).**

nie ten gunste van die verwydering van die omstrede klousule was nie. [72]

Inderdaad het die Hervormde Kerk, nadat verneem is dat die Transvaalse Nasionale Party ook ten gunste van die verwydering van die omstrede klousule gestem het, as blyk van onderskraging dr Malan van hulle besluit verwittig. [73] Met verwysing na die omsendbriewe wat ook deur Hervormde gemeentes ontvang is, het die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Vergadering, ds LE Brandt, dit nodig gevind om hierdie kerkrade van advies te bedien.

In die betrokke stukke, sê hy, is daar "vele dingen waarmede wij allen van harte instemmen", maar dis nog geen rede om vir die verwydering van die klousule te werk nie; en daar skuil groot gevare in sodanige aksie. Wat die gedagte van verminderde subsidie betref, is dit niks meer as billik nie, siende dat die Hervormde Kerk ook jaarliks 'n bedrag geld aan die TUK betaal vir die opleiding van hul predikante. En hoewel die yweraars dit duidelik stel dat hulle nie na kerklike universiteite streef nie, kan die oë nie gesluit word vir die moontlike versoeking om nie net navraag te doen na die godsdienstige gesindheid van personeel nie, maar ook na sy kerkverband en om dan, ongeag kwalifikasies, voorkeur te gee aan lede van die eie kerk. Sulke dinge gebeur, volgens ds Brandt, "elke dag" op die gebied van die laer onderwys; om te toon dat dit ook in hoër onderwys moontlik is, plaas hy 'n uittreksel uit *De Volkstem* van 2 Desember 1924, oor die bedanking van PUK-raadslede oor beweerde bevoordeling van kandidate van die Gereformeerde Kerk. [74]

'n Rubriekskrywer in *Die Hervormer*, aangedui as "v.B." (dalk ds J van Belkum?), het daarop gewys dat reeds


voor die aanvaarding van die gewetensklousule deur hierdie blad bedenkinge daarteenoor uitgespreek is, maar tevergeefs. Hy stem wel saam met die beginsel van 'n universiteit op Christelike grondslag, maar voel dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie. Waar sal al die geld vandaan kom, as elke groep nou aanspraak kan maak op hoër onderwys? Die ervaring met CNO het geleer dat die mense nie vir onderwys wil betaal nie. Die skrywer was veral bang vir kerkisme: "Elke kerk in Z.-Afrika zal haar mannen aan het hoofd willen hebben; haar geleerden als professoren benoemd zien. Men kan dit niet tegenhouden: Statuten en Reglementen zullen dit niet voorkomen. Ook in de kerken kent men knoeierijen, die eien belangen zoeken te bevorderen." [75]

Ter onderskraging van die Hervormde Kerk se amptelike houding oor die kwessie, het die drie professore van TUK se die Teologiese Skool – proff JH Greyvenstein, SP Engelbrecht en B Gemser – in Mei 1927 hulle beloofde advies uitgebring en is dit verder as amptelike beleidstuk versprei. Die somtotaal van hul bevinding is dat die skrapping van die gewetensklousule onnodig, ondoeltreffend en in stryd is met die beginsel van Protestantisme en met die geskiedenis van hoër onderwys in die land, en dat dit verderflike gevolge sou hê. Hulle bestempel gevolglik die veldtog "als gevaarlik voor de vrede tussen de Kerken, voor de goede verstandhouding van Kerk en Staat, voor de bloei van het wetenschappelik onderzoek en voor de vorming van een breed onderlegd en sterk overtuigd toekomstig geslacht". [76]

Dat hierdie kwessie inderdaad verhoudinge tussen die onderskeie kerke vertroebel het, blyk onder meer uit 'n artikel van die jong PUK-dosent en opkomende wysgeer, HG Stoker, in Junie 1927 in 'n Nederlandse blad *Woord en Geest*, waarin hy 'n splitsing in Hervormde geledere tussen liberale professorale leiers en verskillende liberale predikante aan die een kant en ortodokse predikante en ortodokse kerklede aan die ander kant uitgewys het. Enkele jare later, toe die artikel onder die aandag gekom het, het Engelbrecht die draak gesteek met Stoker se "nuwe maatstaf om mens se geloof mee te oordeel en te veroordeel". En lê hy weer die klem op die kerklike faktor: "As mens saam met die Gereformeerde broeders stem om die sogenaamde 'gewetensklousule' uit die Hoër Onderwys Wet geskrap te kry dan is mens ortodoks, maar as mens daarop teen is, dan is mens liberaal." [77]

Binne Hervormde geledere was daar tog ook verdeeldheid, soos blyk uit optredes van die kerkraad van Lichtenburg en individuele uitsprake en standpunte van enkele predikante soos ds PJJ Venter en PS Grobler. Eersgenoemde se protesstem is vroegtydig broederlik stilgemaak terwyl ds Grobler, wat in 'n preek die stryd teen die klousule ondersteun het, oor die vingers getik is omdat sulke uitsprake "deur teenstaanders dankbaar gebruik word" en verdeeldheid in eie geledere in die hand werk. [78]

'n Verdere poging deur die VKHO om die saak op regeringsvlak te bespreek is gekelder toe Hertzog laat weet het dat hy van die saak verskoon wens te bly en dat dit eintlik by die minister van Onderwys tuishoort.[79] Die saak het opsigtelik ongemaklikheid in regeringskringe begin veroorsaak ....



***3.1.12***

***Dr NJ van der Merwe, wat as die PUK se segsman opgetree het in die Volksraad. Van der Merwe het sy doktorsgraad in 1921 aan die Vrye Universiteit van Amsterdam verwerf met o.a. die uitspraak dat 'n Christelike Universiteit in Suid-Afrika opgerig behoort te word. Tydens die volksraadsitting van 1926 en ook ten tye van die Vrystaatse NP-kongres dié jaar het hy homself as 'n groot voorstander van die behoud van die Christelike volkskarakter van universiteite openbaar.***

## 3.1.5 Van der Merwe-mosie in Volksraad

Geïnspireer deur die positiewe openbare reaksie en die volgehoue wegskramhouding van genl Hertzog en dr Malan, het die Vrystaatse leier van die Nasionale Party, dr NJ van der Merwe, die kwessie tot in die hoogste raadsaal van die land gevoer. Op 15 Februarie 1927 is 'n mosie hieroor in die Volksraad ingedien. Insiggewend is dat Van der Merwe se mosie nie die afskaffing van die gewetensklousule bepleit nie, maar in navolging van die Fort Hare-presedent vra vir wetgewing "sodat 'n uniwersiteit of uniwersiteitskollege wat op christelike grondslag wens te staan of wat verlang om onthewe te wees van die bepalings van vermelde artiekel, dieselfde voorregte sal geniet as die inrigtings wat volgens hierdie bepalings op neutrale standpunt wens te staan". [80]

In sy toespraak ter toeligting [81], wat deur biograaf GD Scholtz bestempel is as een van sy belangrikstes tydens sy termyn van 16 jaar in die Volksraad, [82] het van der Merwe gewys op die wye steun wat vanuit kerklike oorde en ook uit politieke geledere getoon is vir die verwydering van die gewetensklousule. Maar hy vra nie dáárvoor nie, "wil nie my neus gaan insteek in die sake van 'n uniwersiteit wat nie daarom vra nie". [83]

Sowel van der Merwe as ds ML Fick, in sy ondersteunende rede, het spesifiek verwys na die Hervormde Kerk se afsydige houding. Eersgenoemde, met sy Hollandsgeoriënteerde akademiese agtergrond, het daarop gewys dat die Hervormde Kerk die kleinste Hollandse (Afrikaanse) kerk in die land was "en dat dit onder invloede wat baie maklik verstaan kan word as ons dieselfde soort stryd in Holland ken, hom nie maklik met hierdie saak ingelaat het nie". [84] Hoewel Scholtz as historikus en biograaf van van der Merwe, sonder verdere motivering meen dat die meerderheid lidmate van hierdie kerk "miskien teen die skrappery was", [85] was ds Fick op sy beurt weer daarvan oortuig dat by 'n sinode sterk steun vir die saak verkry sou kon word. [86]

Van der Merwe wys ook daarop dat die Potchefstroomse Universiteitskollege, synde "nie sodanig 'n kerkinstelling nie, as onder die leiding van manne wat die noodsaaklikheid vir christelike hoër onderwys besef het", weens verset aanvanklik nie by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer het nie, maar deur akademiese en geldelike oorwegings gedwing is om wel in te skakel. Sy voorstel vra vir wetgewing "wat dit vir 'n uniwersiteit of uniwersiteitskollege moontlik sal maak, as hy dit verlang, om sy basis omskrewe te kry en op die grondslag te staan waarop Potchefstroom gestaan het en die Vrye Uniwersiteit van Amsterdam vandag staan".

Gee absolute vryheid aan alle dele van die bevolking, sê van der Merwe. En as die Roomse Kerk 'n werklike sodanige behoefte kan aantoon, laat hulle dan so 'n universiteit kry: "Dit is dus geen Middeleeuse onverdraagsaamheid wat ons verkondig nie. Ons vra eenvoudig vir vryheid vir alle dele van die bevolking en die soewereiniteit in eie kring wat elke man in staat stel om sy eie kinders op te voed volgens sy eie geloofsoortuiging." Nogtans het hy dit duidelik uitgespel dat hy nie kerklike universiteite voorstaan nie. [87]

Van der Merwe het dr Malan liggies geroskam oor sy toespraak voor die Nasionale Partykongres, toe hy "Potchefstroom" dit ten laste gelê het dat hulle "nie 'n paar pond in toelae (wil) opoffer vir die oortuiging wat hy huldig nie" en gevra het of dit die PUK regtig erns is. Laat daaroor nie twyfel bestaan nie, betoog Van der Merwe, "as daar 'n Kerk is wat getoon het dat dit hom erns is, dan is dit die Geref. Kerk". Hy is self nie lid van hierdie kerk nie, en verskil in party opsigte daarvan, "maar ek kan sê dat dit 'n kerk is wat hom groot opoffering vir sy oortuiging getroos het".

Namens die PUK troef van der Merwe die opponente met "waarom daar in 'n land soos Suid-Afrika ... minder regte gegee sal word aan die Christelike standpunt as aan die neutrale of selfs onverskillige standpunt?" En: "Waarom moet die uniwersiteite wat op 'n Christelike grondslag wil staan, daarvoor beboet word? Waarom moet so 'n uniwersiteit gevra word om vir sy Christelike geloofsoortuiging spesiale opofferings te doen? Die Christen wat verlang dat sy seun na 'n uniwersiteit met 'n Christelike grondslag gaan, moet nie meer daarvoor betaal as die ander man nie. Dit is 'n beginselsaak waaroor daar vandag die grootste stryd is." [88]

Etlike volksraadslede het ter ondersteuning van die mosie aan die debat deelgeneem. Afgesien van ds Fick, het ook mnre L Geldenhuys (SA Party, Johannesburg-Noord), GA Louw (SA Party, Colesberg), JSF Pretorius (Nasionale Party, Fordsburg), LJ Steytler (Nasionale Party, Albert) en Harm Oost (Nasionale Party, Pretoria-distrik) hul ondersteuning aan die saak gegee. [89]

Verrassende ondersteuning was dié van SAP-lid Geldenhuys, wat getoon het dat dit nie oor partypolitiek gaan of, soos minister Malan beweer het, bloot 'n Potchefstroomse saak is nie, en wat op "veral my vriende aan hierdie kant van die Raad" 'n beroep gedoen het dat hulle sal besef dat dit oor 'n gewetensaak gaan. Die fout deur die artikel in die verlede in te voeg, behoort reggemaak te word. Ook Geldenhuys kappittel vir Malan: "Ek kan nie verstaan waarom die agb. Minister sy hoof teengesit het nie. Ons weet dat hy partykeer 'n koppige man is … Ek kan die Raad die versekering gee dat dit nie 'n saak is wat vandag hier sal end as dit verwerp word nie, en as die agb. Minister nie sy kop wil stamp nie, dan behoort

hy in te gee." Hy het Malan ook verkwalik dat hy nie respek getoon het deur in die Raad te bly en na die argumente te luister nie. [90]

Ook JSF Pretorius (NP, Fordsburg) het dit betreur "dat die Minister so min dink van die christelike kerk en christelike beginsels, dat hy sy sitplek verlaat het terwyl hierdie belangrike saak bespreek word. Dit is 'n groot saak van groot volksbelang … Soos die gewetensklousule nou staan in die uniwersiteitswette beteken dit niks anders as dat 'n boete gelê word op die christelike gemeenskap nie". [91]

Maar daar het ook 'n paar sterk stemme teen die mosie in die hoogste raadsaal opgegaan, en wel dié van mnr Morris Alexander (SA Party, Kaapstad-Hanoverstraat) en mnr G Reyburn (Arbeiders, Durban-Umbilo).

Ten spyte van ontkennings tot die teendeel, het Alexander betoog dat, indien die mosie aanvaar word, dit tot gevolg sal kan hê dat alle kolleges wat op christelike grondslag berus, van studente of dosente sou kon eis dat hulle die Christelike geloof moet bely – en dit kom neer op 'n terugkeer na die donker eeue van Europa. Diegene wat nie die oorheersende geloof bely nie, sal onderdruk word. Dis die mees reaksionêre voorstel waarvan hy ooit gehoor het, en hy bewonder "die vaste houding deur die Minister ingeneem". Reyburn weer sien in van der Merwe se voorstel 'n terugkeer na die Middeleeue en hy waarsku dat hy onbeskryflike skade aan land en volk doen as hy hierdie pad van geloofsvervolging inslaan. Ook hy wens minister Malan geluk "vir sy moedige houding in die openbaar met betrekking tot die saak". [92]

Dis nie aldag dat dié toneel hom in die hoogste raadsaal van die land afspeel nie: lede van die eie party wat hul minister priem met beskuldigings en verwyte, terwyl die teenparty die heuningkwas nie kwistig genoeg kan gebruik nie!

Die voorstel van van der Merwe was, volgens Scholtz, [93] "heeltemal gedoem" nadat dr Malan tot die debat toegetree en besware teen 'n geloofstoets aan universiteite opgesom het. Volgens Malan [94] is dit "een van die belangrikste en mees diep ingrypende vraagstukke" wat nog ooit in die Volksraad ter sprake gebring is. Hy is bly dat Van der Merwe nie op skrapping van die klousule aangedring het nie want volgens hom kan daar nie van 'n diepgevoelde behoefte gepraat word nie as net een (Potchefstroom) van die 16 universiteite en kolleges waarop die wet van toepassing is, só oor die saak voel.

Ter toeligting, het Malan verwys na die standpunt en houding van die Universiteit van Stellenbosch jeens die kwessie: "Ek kan die Raad meedeel dat aan die Uniwersiteit van Stellenbosch ook 'n poging gedoen is deur 'n lid van die raad van die uniwersiteit om die raad te beweeg om sy ondersteuning te gee aan die skrapping van die klousule net soos Potchefstroom. Dit was een van die vooraanstaande lede van die raad, die predikant van Stellenbosch, en die lede van die Raad van die Uniwersiteit, was meestal as gemeentelede godsdienstig gesinde mense, maar toe dit tot stemming gekom het, het hy alleen gestaan met sy voorstel om die raad te beweeg om sy steun aan die Minister te gee vir die skrapping van die klousule. Die voorstel is deur 'n ander predikant van die Ned. Ger. Kerk, ook lid van die raad, bestry. En wat van Stellenbosch geld, geld ook van alle ander inrigtings, behalwe Potchefstroom." [95]

Dit is nie duidelik of Malan hiermee verwys het na prof Moorrees se standpunt ten tye van die stigting van die universiteit nie en of dit 'n ander geval was nie.

Malan het ook die beweerde algemene steun van die Vrystaatse NP en die NG Kerk vir die afskaffing van die klousule bevraagteken en inderdaad weerlê, deur enersyds te wys op die verwerping, met groot meerderheid, van 'n mosie soortgelyk as dié voor die Volksraad deur die Vrystaatse Nasionale Party, en andersyds te meld dat amptelike bevestiging van die Kerklike Kommissie van die NG Kerk ontvang is dat hulle hul nie met die mosie vereenselwig nie. Bewerings dat universiteitsinrigtings "broeikaste van ongeloof" is, is ook na sy mening oordrewe en onbewese. [96]

As die voorstel aanvaar word, sou dit 'n ondraaglike las op die staat plaas om vir elke gesindheid 'n universiteit te skep, terwyl daar stryd onder kerke of gesindhede sou ontbrand om beheer oor inrigtings te verkry. Dit sou ook oneerlikheid in die hand werk, of tot onbeheersde ontslag van personeel kon lei. Ten slotte is dit, volgens Malan, nie die regte manier om die Christendom te handhaaf nie: "Die Christendom hoef nie bang te wees om sy verskyning in die groot wêreld en in die wetenskaplike wêreld te maak nie en juis daarom is dit nie noodsaaklik om die Christendom te neem en in 'n broeikas te plaas nie." [97]

Soveel hoofde, soveel sinne. As dit dan so is dat net Potchefstroom vir die afskaffing van die klousule vra, kap van der Merwe terug, "waarom is ons dan bang vir Potchefstroom?" As Kaapstad en Stellenbosch daaronder wil bly, laat hulle bly, maar gee die voorreg en vryheid aan die universiteit wat sy grondslag beperk en volledig vasgestel wil hê. [98]

Die Van der Merwe-voorstel is uiteindelik met 60 stemme teen 21 verwerp. Hoewel dus "heeltemal gedoem" in die openbare oog, was die mate van steun vir die voorstel wel bemoedigend vir die yweraars vir die ideaal. Die wye reklame wat aan die debatte verleen is, het minstens ook die saak waarin die PUK

so prominent gefigureer het, onder die aandag van die breë publiek gebring. [99]

En tog was die uitkoms van die debat vir Postma 'n groot teleurstelling, het dit ingehou dat kinders op 'n neutrale basis opgevoed moes word. Maar hy was ook die ewige optimis en het sy toehoorders saam met hom in sy idealisme laat deel: "Laat dit vandag wees, laat dit oor twintig jaar wees, maar eindelik, al beleef baie van ons dit nie meer nie, sal hierdie stryd seëvier, en dan sal die kinders van ons volk se opvoeding berus op 'n Kristelike grondslag. (Langdurige toejuiging)" [100]

### 3.1.6 PUK–manifes en openbare veldtogte

In Februarie 1927 het rektor Postma die Raad ingelig oor die besprekinge in die parlement en die groot publisiteit wat aan die saak verleen is. Op sy voorstel is ook besluit dat 'n amptelike dokument bevattende die reaksie van PUK-kant op die verwikkelinge saamgestel en aan die pers vrygestel sou word. [101] Daarmee wou die PUK sy saak teenoor die land en die volk stel en verdedig.

In hierdie dokument, wat ook in brosjurevorm onder die titel *Die Raad van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege en die s.g. Gewetensklousule* uitgegee is, is 'n aantal beweringe wat oor die PUK en sy strewe gemaak is, weerlê. [102] So byvoorbeeld is dr Malan se opmerkinge dat die hele kwessie rondom die gewetensklousule slegs 'n Potchefstroomse saak was, en dat dit bloot " 'n saak van ponde, sjielings en pennies" is, as ongegrond en sy betwyfeling van die erns van die mense van Potchefstroom as 'n "krenkende uitlating" bestempel. Die minister is ook gekritiseer oor die "denkbeeldige skrikbeeld" wat hy in al sy toesprake breed uitgeteken het, nl. die sogenaamde geloofstoets wat sogenaamd deur die Potchefstromers bepleit word.

Ook opmerkinge van die kant van teologiese professore van die Hervormde Kerk, nl. dat universiteite staatsinstellings was en dat "menslike pogings om die Almagtige te beskerm belaglik (is)", is as onhoudbaar uitgewys: dan moet alle Christelike wetgewing mos ook afgeskaf word, ook dié oor sabbatsontheiliging, dan nie? Die PUK-Raad het ook weer die onomwonde versekering gegee dat daar glad nie sprake is van kerklike bevoorregting nie.

In sy "verweerskrif" het die Raad van die PUK dit ook gehad oor bepaalde adviese wat in die debat oor die saak die PUK toegekom het, veral deur die minister van Onderwys self. Laasgenoemde het naamlik kort-kort gesê dat elke kollege 'n Christelike standpunt kan inneem mits hy bereid is om minder subsidie te ontvang. Maar dit, sê die PUK, sou neerkom op beboeting van staatsweë vir Christelike beginsels, en 'n erkenning dat sulke beginsels minderwaardig is teenoor die sogenaamde neutrale standpunt. En waar die minister ook graag praat van die toets van opoffering, vra die Raad waarom dan net die wat die Christelike standpunt huldig, moet opoffer?

Dr Malan se ander voorstel, dat 'n spesiale leraar (predikant) aangestel word om die jeug op universiteit te bearbei, het nie goed afgegaan nie terwyl 'n gedagte om Christelike koshuise op te rig, as "dualisme wat op die lang duur 'n onhoudbare toestand skep" afgewys is. Die tyd van ensiklopediese kennis is lankal verby, was 'n kenmerk van die middeleeue en al sou so 'n persoon nog gevind kon word, sou die kennis van geen waarde wees vir die bespreking en behandeling van die beginsels wat ten grondslag van die verskillende vertakkinge van die wetenskap lê nie. Bowendien word tereg gesê en gevoel "dat so 'n geestelike poliesman meer spotlus en veragting, as erns en agting by die studerende jeug sal aankweek".

Hierdie laaste twee suggesties kom al 'n lang pad. Sover terug as 1922 het dit al op sinodevlak by die NG Kerk gefigureer. [103] Na aanleiding hiervan het die rektor van die Universiteit van Kaapstad, prof JC Beattie, die opmerking gemaak dat die einddoel van die universiteit die vorming van 'n goeie en gesonde karakter is en dat godsdiens die grondslag van karakter is.[104] Prof Postma (alias *Die Saaier*) het egter die gedagtes aan 'n spesiale predikant om onder studente te arbei en Christelike koshuise as middele om godsdiens as karaktervormende krag te bestendig, as heeltemal onvoldoende afgewys. Dit lei slegs tot 'n negatiewe tweeslagtige lewensbeskouing, "met die hoof heidens, met die hart christelik".

Dr Malan is deur die PUK ook verkwalik oor sy opmerking dat geen instansie verhinder word om in die privaat navraag te doen na 'n persoon se geloof nie: "Dit is onwaardig vir 'n verantwoordelike liggaam. Hier moet verder melding gemaak word van die argument van huigelary. Vir huigelary kan geen norm aan gelê word nie."

As 't ware as nagedagte word die enkele opmerkinge van senator Langenhoven, wat aan blote afkeur/haat/verbittering jeëns teoloë ("odium theologicum)" toegeskryf word, as "misplaas" beskou.

Aan die einde van die dokument stel die PUK sy standpunt oor die gewetensklousule weer onomwonde:

- dit is 'n beperking van die reg van die Christelike deel van die bevolking om die rigting van die onderwys van hul kinders te bepaal;

**K(CH)RISTELIKE UNIE EN K(C)ALVINISTIESE BOND**

***Die publikasie van die PUK-Raad se lywige standpunt oor die gewetensklousule is onderneem deur die Kristelike Unie, wat op 25 November 1925 as opvolger van die Vereniging vir Kristelike Hoër Onderwys (VKHO) sy beslag gekry het, met doelstelling "die propagering van die Christelike beginsels op al die verskillende terreine van die lewe, veral die staatkunde, wetenskap en onderwys, deur middel van konferensies, publikasies en andersins". Die omvorming het ook geskied met die oog op "ruimer ondersteuning veral uit ander kerke, wat tot nog toe weinig ondervind is nieteenstaande die uiterste poginge". Die Kristelike Unie, wat op sy beurt ook "betreklik magteloos" gebly het "weens gebrek aan werklike volksteun", sou weer enkele jare later plek maak vir wat beskou is as " 'n volksorganisasie in Kalvinistiese sin op die breeds moontlike grondslag, desnoods deur opoffering van die Christelike Unie as sodanig met sy onvermydelike Potchefstroomse beperktheid". In die loop van 1929 het, na aanleiding van die internasionale organisasie van Calviniste in veral Holland en Engeland, die Kristelik-Nasionale Bond van Kalviniste in Suid-Afrika of kortweg die Kalvinistiese Bond sy beslag gekry en het die Christelike Unie in November 1930 daarin opgegaan.*** **(LJ du Plessis, Geskiedenis van die Christelike Unie, pp 5-9).**

***Net soos die VKHO, sou ook die Kristelike Unie en die Kalvinistiese Bond sy aan sy met die PUK die stryd teen die gewetensklousule veg.***

- dit is 'n miskenning van die groot Protestantse beginsel van vryheid;
- dit is in stryd met die Unie-grondwet, wat pas gewysig is om die soewereiniteit en leiding van God te erken;
- dit is in stryd met die Christelike tradisies van die Suid-Afrikaanse bevolking;
- dit is in stryd met die beginsels van die Nasionale regering, soos vervat in sy program van beginsels, konstitusie en statute, en
- dit is 'n bevoordeling van die ongelowige standpunt en beslis nie neutraal nie.[105]

Omdat hy nie andere se vryheid wil beperk of namens andere kan praat nie, dring die PUK nie aan op die verwydering van die gewetensklousule uit alle universiteitswette nie. Nee, hy spreek slegs namens homself wat histories op 'n Christelike grondslag staan "en nie vrywilig maar onder protes, gedwing deur die nood van omstandighede, formeel sy kristelike stempel moes prysgee". Die Raad betuig sy volle ondersteuning aan die mosie van dr van der Merwe en glo dat dit "die billike en ernstige oorweging van die Regering van die Unie van Suid-Afrika verdien".

Hierdie enigsins lywige dokument van 16 gedrukte bladsye is opgestel deur raadsvoorsitter ds ID Kruger, prof Postma en registrateur WJ de Klerk en daarna by raadslede gesirkuleer, voordat dit aan al die belanghebbendes afgestuur is. Raadslid CE de Beer, wat in 1925 in die plek van een van die destydse "rebelle" as regeringsverteenwoordiger sitting in die Raad geneem het, kon hom met enkele punte in die verslag nie vereenselwig nie. Sy brief in dier voege het egter eers 'n paar dae na versending van die stuk gearriveer en daar is bloot kennis geneem van sy besware.[106]

Die PUK-Raad se manifes is feitlik net so deur die Hoofkomitee (Gewetensklousulekomitee), wat op 18 Mei 1927 in Kaapstad byeengekom het, oorgeneem. Met verdeling in provinsiale subkomitees is die aangeleentheid voortaan oor 'n wye boeg gepropageer.[107] In kerkverband het daar veral sterk steun gekom van die Gereformeerde Kerk, wat hul kragte volledig en op alle vlakke van kerkbestuur agter die PUK ingegooi het: kerkrade, streeksinodes, algemene vergaderings en algemene sinodes.

Ook op openbare byeenkomste en tydens politieke saamtrekke was besprekings oor die gewetensklousule aan die orde van die dag.[108] So byvoorbeeld vind daar op 31 Maart 1927 'n openbare vergadering te Reddersburg in die Vrystaat plaas waar skerp kritiek uitgespreek word op die minister van Onderwys en ander volksraadslede wat teen Van der Merwe se mosie gestem het. Op 12 Junie vergader ongeveer 800 mense in die NG Kerkgebou van Bloemfontein-Suid waar hulle deur prof Postma oor die saak toegespreek word.

Op Strydenburg in die Bo-Karoo moes die Nasionale Party- volksraadslid, dr AJ Stals ook net lelik bontstaan toe hy met vrae oor die saak gepeper word. Hy erken, toe hy met 'n vraag gekonfronteer word: die stemming in die Volksraad oor die gewetensklousule bring die voortbestaan van 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys in gevaar. Maar net hierna, na 'n opvolgvraag, gee hy toe dat die beginsel in die program van die Nasionale Party neergelê is dat die ontwikkeling van die volkslewe langs Christelik-nasionale weg moes geskied. Die party het ongetwyfeld die reg om by die regering aan te dring op die uitvoering van die beginsel dat die ouer die reg het om die gees van die onderrig te bepaal.

Dat die kwessie rondom die gewetensklousule – en daarmee saam ook die PUK – vir sommige Nasionale politici 'n tameletjie begin word het, het duidelik geblyk uit die partykongresse teen die einde van 1927. [109]

Die Vrystaatse Nasionale Party het eenparig besluit om die regering te versoek om aan universiteite wat van die gewetensbepaling onthef wou wees, die normale subsidie te verleen. Die Transvaalse kongres van die party het sy volle goedkeuring aan dr van der Merwe se mosie gegee en het 'n ernstige beroep op alle Nasionale lede gedoen om by 'n volgende voorlegging so 'n mosie te steun. Dit is ook duidelik uitgespel dat minderwaardige behandeling van Christelike hoër onderwys in stryd is met die grondslag van die party.

Op die kongres van die Kaaplandse Nasionale Party, waar dr Malan die leisels stewig in sy hande gehad het, het altesaam tien takke op die verwydering van die gewetensklousule aangedring en is daar langdurige bespreking oor die kwessie van Christelike onderwys gevoer. Anders as by vorige kongresse, is die betrokke voorstel nie verwerp nie, maar is met 'n meerderheid van slegs ses stemme besluit om van die saak af te stap.

Nie alleen toon hierdie verwikkelinge 'n sterk toename ten gunste van die anti-gewetensklousuleveldtog nie, maar die feit dat slegs ses afgevaardigdes lede van die Gereformeerde Kerk was, dien as afdoende bewys vir die argument wat deurlopend van PUK-kant teen beskuldigings in dier voege ingebring is, naamlik dat nie net Gereformeerdes teen die gewraakte klousule gekant was nie. [110]

'n Ander interessante verskynsel rondom die hele kwessie was die houding van die Nasionale Persgroep. Waar *Die Volksblad* sy ondersteuning aan die stryd teen die gewetensklousule gegee het, het die Kaapse mondstuk van Nasionale Pers skerp krities teenoor die beweging gestaan – wat te begrype is, gesien die feit van *Die Burger* se onverbloemde lojaliteit teenoor eertydse stigtingsredakteur dr DF Malan. Die koerant is deur ds Dirk Postma verkwalik oor sy negatiewe houding jeens die kwessie en dat hy senator Langenhoven toegelaat het om prominent "ons wat ywer vir Christelik hoër onderwys krenkend tee (te) werk". [111] Ook ds CWM du Toit het in 'n brief aan die blad uitgespel dat dit 'n stryd tussen die gelowige en ongelowige was, dat daar nie met die ongelowige in een juk saamgetrek moes word nie en dat eerder 'n Christelike staatsparty gestig moes word. [112]

*Die Burger* het skerp gereageer op die implisiete opvatting dat dit om 'n Christelike beginsel gaan en dat diegene wat daarteen gekant is, geen Christene is nie. Dan praat *Die Burger* uit dr. Malan se mond: Behalwe Potchefstroom, sê die blad in 'n hoofartikel, het geen universiteit of universiteitskollege steun aan die beweging toegesê nie. 'n Sodanige voorstel is wel by die Raad van die Universiteit van Stellenbosch ingedien, maar kon nie eens 'n sekondant kry nie – en sal enigiemand nou die lede van hierdie Raad as ongelowiges bestempel? [113] En wat, vra *Die Burger* verder, van die manifes van die Hervormde Kerk teen "die beweging van ds du Toit en Postma en andere ... is hulle dan nie Christelike lesers nie, is hulle die ongelowiges?" [114] Nee, die Potchefstromers se houding is "verregaande en ... om 'n slag hul eie taal te gebruik, nie Christelik nie", besluit die blad. [115]

NG moderator DS Botha het tot die debat toegetree en die koerant daarop gewys dat die NG Kerk tydens sy sinode in 1924 eenparig besluit het om aan te dring op die verwydering van die klousule. Hy het ook onderstreep dat daar beslis nie vir 'n geloofstoets gevra word nie, maar bloot net vryheid van keuse wat godsdiens betref: "Wij begeren gelijkheid van vrijheid voor allen. Deze clausule beperkt deze vrijheid en oefent dus gewetensdwang." [116] *Die Burger* het egter volgehou, in 'n naskrif: een of ander geloofstoets is onvermydelik as die klousule verwyder sou word. [117]

Ook vanuit Grey Kollege-geledere in Bloemfontein het skerp kritiek gekom, is die gewetensklousulestryd deur dr TF Dreyer as 'n stryd van die Gereformeerde Kerk veroordeel en is toesprake wat PUK-personeellede in hierdie tyd tydens 'n byeenkoms van die Kristelike Unie (KU) gelewer het, as eng en Calvinisties afgewys. [118] Heelwaarskynlik verwys Dreyer hier na 'n propagandakonferensie wat die KU in September 1926 saam met studente gehou het, oor die tema "Die Heilige Skrif en die Natuurwetenskappe". [119]

### 3.1.7 Studente en die gewetensklousule

Die gewetensklousule het ook op studentevlak rimpelings veroorsaak. In Augustus 1926 het 'n "enigzins bitsige artikeltje" in 'n kwartaalblad van die studente van die Universiteit van Kaapstad wye aandag getrek. Volgens die NG Kerk se mondstuk het die blad met 'n ondertoon van veragting verwys na 'n sekere kerk en het dit die agitasie teen die gewetensklousule beskou as 'n terugkeer na die Middeleeue. Dié sekere kerk, sê *Die Kerkbode*, is die Hollandse kerke, hoewel die eer om in hierdie saak die voortou te geneem het, die Gereformeerde Kerk toekom. Saam met dié kerk is die NG Kerk heeltemal gewillig om die smaad te dra van die "sekere kerk" te wees wat kwansuis tot die Middeleeue wil terugkeer.

Die blad wys daarop dat die NG Kerk deur sinodale besluite tot die skrapping van die klousule verbind is, dat op een uitsondering na al die universiteite in die

land deur kerklike inisiatief tot stand gekom het en dat die gewetensklousule tot heel onlangs nie in die wette op hoër onderwys ingeskryf was nie, sonder dat daar onverdraagsaamheid of Middeleeuse bekrompenheid was.[120]

Op 16 Augustus verwys *Die Volksblad* in 'n hoofartikel só na die episode: "Op die 6de van hierdie maand het Reuter wêreldkundig gemaak 'n besluit die vorige aand geneem in Kaapstad deur die Studenteraad van die Uniwersiteit in daardie stad... Dit blyk nou ... dat die studente verder gegaan het, en die besluit aangedik het in hulle kwartaalblad."

Hierna volg 'n lang bespreking oor die houding van die Kaapstadse studenteraad ten opsigte van die gewetensklousule. Die belofte wat dr Malan gegee het dat hy die skrapping van die klousule sal oorweeg, is deur hulle bestempel as "'n onheilspellende waarskuwing van 'n poging om 'n middeleeuse onverdraagsaamheid weer in te voer".[121]

In 'n tydgenootlike studie oor die ontwikkeling van die universiteitswese verwys Metrowich na die "firm attitude adopted by the students through their Representative Councils with regard to the recent threat to interfere with the religious liberty of the University ..."[122] Uit hierdie verwysing is dit duidelik dat daar meerdere standpuntinnames deur studente binne interuniversitêre verband moes gewees het.

Kort na die uitspraak van die Kaapse studenteraad voel die studente van die PUK hulle "gedronge om, na daar soveel gesê en geskryf is voor en teen die verwydering van die Gewetensklousule", ook hulle stem "op 'n duidelike manier" te laat hoor. En word dit gedoen deur 'n verklaring onder hand van SVR-voorsitter Jan de Klerk, wat wyd gepubliseer is. De Klerk sou in sy latere lewe 'n prominente rol in die politiek speel, onder meer as kabinetsminister en president van die Senaat in die vyftiger- en sestigerjare. Hy sou ook kanselier word van die PU vir CHO en was die vader van latere staatspresident FW de Klerk en PUK-professor en politieke kommentator Willem J de Klerk.

Die verklaring onderstreep teenkanting teen kerkistiese universiteite en teen 'n kerklike toets, in teenstelling met 'n geloofstoets, en stel 'n hoë premie op die groepsbeginsel in die gemeenskap. Verder word teenkanting teen die gewetensklousule en redes vir die verwydering daarvan gestel en gemotiveer. Die slotsom: "Eindelik moet ons as studente van die P.U.K. dit diep betreur dat ons saam met baie ander studente die reg ontsê word om opgelei te word deur manne en vroue wat dieselfde geloofsoortuiging (nie **kerk**oortuiging) as ons toegedaan is."[123]

In 1927 het die SVR van die PUK, in medewerking met die plaaslike en nasionale Afrikaanse Studentebond (ASB), sterk kapsie gemaak teen 'n artikel oor die kwessie in die NUSAS-mondstuk van Mei 1927. Hulle het ook daarin geslaag om tydens die NUSAS-kongres in Julie 'n mosie aanvaar te kry teen "die verwaande taal en gees ... asook ... die paar gewaagde uitdrukkings" in die blad. Ook is besluit om die PUK-studente se gevoel oor die hele aangeleentheid in die NUSAS-blad bekend te maak en die steun van ander kolleges te soek.[124] In die Oktober-uitgawe van *NUSAS* is daar toe wel in 'n hoofartikel apologie aangeteken vir die gebruik van woorde en terme soos "opruiers" en "die belaglike plan", wat gebesig is in die Afrikaanse vertaling van die betrokke artikel.[125]

Destydse SR-voorsitter Willie Venter meld in sy latere herinneringe dat hulle "bitter gebelgd" was oor hierdie hoofartikel in die NUSAS-blad, "waarin die P.U.K. lelik afgekam is" oor die stryd teen die gewetensklousule. Op 'n massavergadering by die PUK is 'n mosie van wantroue in die NUSAS-bestuur aanvaar en Venter het kort hierna, as PUK se verteenwoordiger by NUSAS se kongres, 'n mosie hieroor ingedien. Die GUK-afgevaardigdes en "ook tot 'n mate" dié van Stellenbosch het hom ondersteun. Hoewel die mosie nie aanvaar is nie, was hy tevrede: "die getuienis was gegee."[126]

### 3.1.8 Malan maak die deur oop …

Geïnspireer deur die skynbaar toenemende steun vir hul saak, het die Gewetensklousule- of Hoofkomitee einde Januarie 1928 in Kaapstad byeengekom en is besluit om weer eens die minister oor die saak te spreek. NG predikant PJG Meiring is nou, na die afsterwe van ds Botha, as voorsitter van die komitee aangewys.[127] Dalk het Malan die tekens van die tye reg gelees want op 27 Januarie 1928 het hy die deputasie simpatiek ontvang en daarna versoek dat 'n skrywe aan die kabinet gerig moes word.

Op kabinetsvlak was daar groot besware teen die versoek om 'n amptelike ondersoek na die gewetensklousule te laat onderneem omdat dit, vanweë persoonlike godsdienstige oortuigings, groot opskudding sou veroorsaak en 'n "vriendskaplike reëling" slegs kan bemoeilik En dan, in tipiese amptenaryterminologie, maak Malan die deur oop: "My kollegas stem met my in, dat ... dit vir iedere afsonderlike hoër-onderwys inrigting ope staan om wetgewende goedkeuring te probeer verkry vir vrystelling in sy eie geval, van die toepassing van die sogenaamde gewetensklousule. Wanneer so 'n private wetsontwerp ten behoewe van enige sodanige inrigting ingedien mag word, sal die Regering die Parlement duidelik laat verstaan, dat hulle nie van plan is as die wetsontwerp aangeneem mag word, om 'n verandering

in die regulasie rakende die basis van subsidie, voor te stel nie. As die Parlement dan die private wetsontwerp mag goedkeur, sal hulle dan daarmee ook tegelykertyd sover dit hierdie Regering betref, goedkeur 'n subsidie aan daardie besondere inrigting gelykstaande met die wat aan ander inrigtings toegeken word." [128]

Vir *Die Volksblad* was die minister se besluit " 'n baie redelike en billike tegemoetkoming: As daar een of ander inrigting is wat voel dat die gewetensbepaling in die wet hom strem, kan hy sy eie privaat wet deur eie inisiatief so laat verander deur die Parlement dat niks hom sal verhinder om op 'n godsdienstige grondslag te ontwikkel nie". [129]

Op 22 Februarie rapporteer rektor Postma aan sy Raad "dat die Minister van Onderwys sy houding in hierdie saak [gewetensklousule] in soverre gewysig het dat geen finansiële beperking meer sal opgelê word nie aan inrigtings wat vrystelling wil verkry van die Gewetensklousule, mits hulle kans sien om te dien effekte 'n private wetsontwerp deur die Parlement te kry". [130]

Die "langgerekte diskussie" wat hierna in die Raad gevolg het, en die feit dat die saak na 'n volgende vergadering uitgestel is, dui daarop dat daar nog nie klarigheid by raadslede was oor die pad vorentoe nie.

Die Hoofkomitee wou per brief aan die minister ook eers seker maak: tensy die edele minister die saak steun, en die regering fasiliteite en ondersteuning aan die indiening van 'n sodanige wetsontwerp verleen, sal geen instansie vrymoedigheid hê om die hoë kostes vir die doel aan te gaan nie. Dit word besef dat die regering geen belofte kan gee dat so 'n wetsontwerp aanvaar sal word nie, "maar met die sedelike steun van die Ed. Regering kan tenminste 'n redelike hoop op sukses gekoester word". [131]

Malan was bemoedigend, met die versekering dat, vir 'n wetsontwerp om die gewetensklousule te skrap, "die wense van verantwoordelike kerklike liggame te alle tye die ernstige aandag van die Regering sal geniet". Maar hy wys "beleefdelik" daarop dat die regering nie sy ondersteuning of goedkeuring kan gee waar 'n sodanige wetsontwerp nog nie aan hom voorgelê en hy in staat was om 'n oordeel te vel oor die omstandighede rondom so 'n wetsontwerp nie. [132]

Op hierdie stadium het daar vanuit Potchefstroom self die verwyt opgegaan dat die beweging vir die verwydering van die gewetensklousule ten doel het die omskepping van die PUK in 'n eng Gereformeerde universiteit. Dié beskuldiging was afkomstig van 'n plaaslike NG predikant, dr JG Meiring, wat as een van die bewyse daarvoor aangevoer het die nie-bestaan van 'n CSV-tak aan die inrigting. Vanuit Kaapstad het H Hamersma die beskuldiging as "sonder grond en onbewys" afgemaak, deur onder meer op die bestaan van Korps Veritas Vincet te wys. [133] Die saak van aansluiting van die studentevereniging Korps Veritas Vincet by die Christen Studente Vereniging het reeds in September op 'n vergadering van eersgenoemde gedien. Die CSV is egter verwittig "dat er bezwaar bestaat om met zulk 'n inrichting mee te gaan". [134]

Asof ter gerusstelling van diegene wat die PUK as 'n eng kerklike inrigting veroordeel het, rapporteer die redakteur van *Die Kerkbode* in Augustus 1928 oor 'n besoek aan Potchefstroom, wat hy bestempel as 'n belangrike opvoedkundige sentrum en, in verhouding tot sy bevolking, besonder ryk aan **"doctores".** Die meerderheid personeel en raadslede is wel Gereformeerd, maar hul strewe is nie soseer om die kerklike nie, maar eerder "die algemeen Christelike en byname Kalvinistiese belange" te bevorder. Hoë lof is die Gereformeerde broeders toegeswaai vir dit wat deur "dapper en selfverloënende optrede" tot stand gebring is. [135] Ironies genoeg – die redakteur was ds PJG Meiring, vader van die beswaarde Potchefstroomse predikant!

Die saak van die gewetensklousule dien ook in hierdie tyd voor die sinode van die NG Kerk van die Vrystaat en wel na aanleiding van 'n versoek om steun van die kant van die Gereformeerde Kerk. As direkte teenpool teen onder andere die junior Meiring se houding, word sterk resolusies ten gunste van die verwydering van die gewetensklousule, sonder geldelike skade vir die betrokke universiteit of universiteitskollege, deur die sinode aanvaar. Baie insiggewend is dat daar ook tydens die sinode kennis geneem is dat, in opvolging van 'n voorstel van die vorige sinode, dit nie prakties moontlik is om 'n eie kerklike universiteit te stig nie. [136]

### 3.1.9 Tydelike afkoeling …

Knellende finansiële vraagstukke en veral die bekendmaking van die Van der Horst-kommissie se verslag in Julie 1928, het nou ál die aandag in beslag geneem, sodanig so dat prof Postma in Augustus losmaking moes vra van sy amp as sekretaris van die Hoofkomitee.

Die Hoofkomitee was steeds onseker oor hul manier van doen en het op 20 Augustus weer by die minister gaan kers opsteek. Minder goeie nuus begroet hulle hierdie keer: Malan het hulle afgeraai om op hierdie stadium met die bedoelde wetsontwerp vorendag te kom omdat daar weinig kans was dat dit sou slaag – waarskynlik as gevolg van die herrie wat deur die Van der Horst-verslag veroorsaak is. 'n Onderneming van die Hoofkomitee om nie die gewetensklousule **per se**

te wil wysig nie, maar slegs te vra vir 'n verbod op 'n kerklike toets (in plaas van 'n godsdienstige toets), is simpatiek deur Malan bejeën. Die saak sou egter eers grondig ondersoek moes word. [137]

Hoewel die Hoofkomitee in samewerking met Die Kristelike Unie en met die ondersteuning van die Gereformeerde Kerk hul ywer vir die verwydering van die gewetensklousule en die bevordering van Christelike onderwys onverpoos voortgesit het, [138] moes van PUK-kant alle aandag en energie op hierdie stadium gewy word aan die bestryding van die negatiewe implikasies wat die ongunstige Van der Horst-verslag op die voortbestaan van die PUK kon hê.

Die tweede helfte van 1928 asook die jare 1929 en 1930 het volledig in die teken gestaan van die daadwerklike promosie en uitbou van die beeld van die PUK, met rektor Ferdinand Postma steeds op die voorpunt. Enersyds is aggressief gereageer op wat as onregverdige en swak gefundeerde bevindinge en aanbevelings van die Van der Horst-kommissie bestempel is; andersyds is skouer aan die wiel gesit om fondse in te samel en geboue en fasilitieite daar te stel sodat die PUK ook na die uiterlike 'n volwaardige plek in die universiteitsopset van die land kon inneem.

Die gewetensklousulekwessie het egter onder die oppervlak bly smeul …

### 3.1.10 "Die geruis van 'n sang in die toppe van die bome …"

As gevolg van die parlementêre verkiesings in 1929 het die kwessie rondom die gewetensklousule voorlopig op die agtergrond geskuif. [139] Tydens die parlementsitting van 1930, toe die privaat wetsontwerp vir die selfstandigwording van die Universiteit van Pretoria in behandeling was, het ds CWM du Toit, LV vir Edenburg en sekretaris van die Gewetensklousulekomitee (Hoofkomitee), 'n sterk toespraak teen die gewetensklousule afgesteek. Hy is hierin sterk ondersteun deur die Pretoriase volksraadslid, mnr Harm Oost. [140]

Tydens hierdie debat is daar terloops ook weer gefokus op en 'n skuins opmerking gemaak oor die PUK se reg op bestaan en voortbestaan en wel deur dr Hjalmar Reitz, NP-volksraadslid vir Brits, wat na Potchefstroom en Wellington verwys het as "die twee stiefkinders" van die Universiteit van Suid-Afrika. [141]

Oud-Puk ds CWM du Toit, nou volksraadslid vir Edenburg in die Vrystaat, het TUK verhoogde status gegun en sy spreekbeurt verder grootliks gewy aan 'n pleidooi vir die skrapping van die gewetensklousule. Hy betoog dat, met uitsondering van die naturelle-inrigting Fort Hare, dit onder die bepalings van die gewetensklousule nie geoorloof is vir inrigtings van hoër onderwys om 'n Christelike karakter te dra nie – en staaf dit met voorbeelde. Eerstens, tydens die bespreking van die beleid van die Grey Universiteitskollege "het geblyk toe hulle wou aansluit by die opvatting en die gees van die meerderheid van die Vrystaatse bevolking, dat dit nie gedoen kon word nie". In die geval van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, is "by die inlywing in 1921 verbied dat die inrigting nog langer daardie laaste gedeelte van sy tietel behou".

Du Toit ag dit onbillik dat so 'n artikel die Christelike wetenskaplike ontwikkeling belemmer en het baie klem gelê op die reg van die ouer om die gees en rigting van die onderwys van hul kinders te bepaal, want die kind behoort aan die ouers en nie aan die staat nie. Hy gaan egter nie in die komitee stadium 'n amendement betreffende die omstrede artikel instel nie omdat daar tekens is dat die saak deur 'n vergelyk geskik kan word. In hierdie verband het hy verwys na 'n onlangse koerantartikel van die lid vir Piketberg en huidige speaker, mnr JHH de Waal, waarin gesê word



*3.1.13*

***Harm Oost - "dat dit [gewetensklousule] ons gewete nie meer beswaar nie".***


dat die verskille oor die kwessie nie so ingrypend is nie en maklik deur 'n kompromis uit die weg geruim kon word. Du Toit voorsien 'n gewetensartikel wat wel kerklike toetse sal verbied en voorkom "dat voordeel of nadeel berokken word terwille van kerklike lidmaatskap". Met verwysing na 'n besliste verklaring van die hoof van TUK "dat hulle graag sou hê dat die inrigting as 'n Christelike-nasionale sal bekend staan", spreek hy dus die hoop uit "dat die nuwe uniwersiteit sal saamwerk om tot 'n bevredigende oplossing in verband met hierdie belangrike punt insake wetenskap in Suid-Afrika te kom". [142]

Nog 'n Pretorianer, mnr Harm Oost, het by du Toit aangesluit en die gewetensklousule as direk in stryd beskou met artikel 1 van die Uniegrondwet, wat bepaal dat die soewereiniteit en leiding van die Almagtige God deur die volk erken word. Dié God, sê Oost, is die God van die Bybel. Dit hoef nie nou gedoen te word nie, maar daar moet toegesien word dat hierdie saak in die toekoms reggemaak word, "dat die gewetensartiekel so 'n artiekel word dat dit ons gewete nie meer beswaar nie". [143]

RH Struben (Albanië), wat as lid van die Gekose Komitee reeds dáár met die gewetensklousule te doen gehad het, het na aanleiding van uitsprake van TUK rektor AE du Toit sterk kapsie gemaak "teen enigiets wat professors en onderwysers onderhewig sal maak aan vervolging en aan 'n inkwisiesie wat betref hul godsdiensoortuigings". [144]

Ten tye van die bespreking van die wetsontwerp van die Universiteit van Pretoria was die PUK steeds nog aktief doenig met hergroepering en konsolidering ná die byna vernietigende Van der Horst-verslag van 1928 en was die sierlike hoofgebou as bewys van nuwe lewe en inspirasie vinnig besig om gestalte in die sentrum van die kampus aan te neem. Die gewetensklousulekwessie het in die proses ietwat op die agtergrond geskuif.

In sy jaarverslag vir 1930 het Postma die versugting laat hoor: "Hoe lank nog?" – maar self ook die aanduiding gegee dat dit nie meer lank sou wees nie, want hy hoor "die geruis van 'n sang in die toppe van die bome ... 'n oplossing sal gevind word". [145] Was dié geruis van die sang in die toppe van die bome dalk die geluide wat tydens die bespreking van die UP-wetsontwerp in


TELEPHONE
5516 CENTRAL.

TELEGRAMS & CABLES
"HOTELASSEMU CAPETOWN."

HOTEL ASSEMBLY
(NEAR THE HOUSE OF ASSEMBLY)
QUEEN VICTORIA STREET
CAPETOWN
SOUTH AFRICA

VICTOR H. NORTH,
MANAGING DIRECTOR.

16 September 1931.

68/1

Die Sekretaris
v Unie-Departement van Onderwys,
Uniegebou,
Pretoria.

UNION DEPARTMENT OF EDUCATION
19 SEP 1931
UNIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Keeromstraat,
KAAPSTAD.

*3.1.14*

***Die departementele notas bo-aan Postma se brief aan die sekretaris van Onderwys toon duidelik dat die minister hom nie wou kompromitteer nie.*** **(UED E68/1)**

die Volksraad gehoor is, ten opsigte van 'n aangepaste gewetensklousule, die aangaan van 'n kompromis tussen voor- en teenstaanders daarvan?

Die jaar daarna is die saak steeds hangende, maar Postma merk op dat dit nie vir goed "gehang" sal word nie: die betrokke komitee gaan die saak weer in die Volksraad laat bespreek. [146]

### 3.1.11 Voorbereiding van wetsontwerp – " 'n hasie opgejaag"

'n Subkomissie wat in 1929 aangewys is om met minister Malan oor wysiging van die gewetensklousule en daaropvolgende stappe te onderhandel, het op 13 Maart 1931 in Kaapstad aan die Hoofkomitee verslag gedoen. Toe hulle oor etlike sake nie uitsluitsel van Malan kon kry nie, het hulle hom pertinent gekonfronteer met die vraag of hy die komitee se voorstel vir wysiging van die klousule, deur naamlik slegs 'n verbod op kerklike in plaas van godsdienstige toetse te plaas. Hoewel hy vroeër skynbaar simpatiek hierteenoor gestaan het, het hy nou sy rug gedraai en nie daarvoor kans gesien nie. [147]

Met kennisgewing van hul teleurstelling aan Malan, is daar nou sterk standpunt ingeneem. Ter wille van die kerke en die Christelike publiek van die land sou daar verder gewerk word vir die Christelike wetenskap en die reg van die ouers op die gebied van hoër onderwys. Meer nog, daar sal voortgegaan word met pogings om die hoofwet van 1917 gewysig te kry en sodanige wysigings op inrigtings wat dit verlang, van toepassing te kry. [148]

Hiermee was die rol van die Hoofkomitee skynbaar uitgespeel en sou die PUK sy stryd verder op eie houtjie voer.

In April 1931, en steeds stoeiende met die departement van Onderwys oor die beperkende subsidie waaraan die PUK kragtens artikel 19 van sy Private Wet onderhewig was, het Postma gevoel dat stappe gedoen moes word om hierdie bepaling opgehef te kry. Die Raad van die PUK het besluit dat die hele wet weer in oënskou geneem moes word en insette in hierdie verband is deur die Senaat en die komitee vir Interne Beheer gelewer, waarna in Augustus 1931 besluit is om 'n wetsontwerp ter wysiging van die wet in te dien. [149]

Omstreeks twee weke nadat die besluit geneem is, word daar by die departement navraag gedoen: indien die regering die voorgelegde wysigings nie ten volle kon steun nie, wat dan van net 'n naamsverandering en die skrapping van artikel 19? Onderliggend aan die versoek is ook die knellende finansiële motief: as versekering oor ondersteuning verkry is, sal koste "nie alte hoog loop nie". [150] Minister Malan wou egter nóg homself nóg die regering kompromitteer tot ondersteuning van die indiening self of die inhoud van 'n sodanige wetsontwerp. [151]

Die Raad het desnieteenstaande besluit om deur te druk en aan die firma Jan S de Villiers in Kaapstad opdrag gegee om die nodige dokumentasie voor te berei. Die wetsontwerp is opgestel deur adv HA Fagan en aan die parlementêre wetsopsteller advokaat Centlivres vir kommentaar voorgelê. In die instruksies aan De Villiers is duidelik uitgespel dat die naam slegs in Afrikaans in die wetsontwerp gebruik moes word. [152]

Op die PUK-kampus was daar intussen 'n effense wrywing oor die verloop van sake. Op 11 November 1931 het 'n voorstel tydens 'n spesiale senaatsvergadering gedien dat die rektor die passering van die wetsontwerp namens die Senaat sou hanteer. Tot stemming gebring, kry die rektor net-net sanksie om die Senaat te gaan verteenwoordig: vier van die tien stemme is daarteen uitgebring! [153]

Die vier teenstemme kan gesien word as protes teen geringskatting van die Senaat. Presies waaroor dit gegaan het, is nie duidelik uit die notulering van die onderskeie betrokke liggame nie. In die senaatsvergadering het proff CJH de Wet en AJH van der Walt kapsie gemaak teen die feit dat die Raad stappe geneem het sonder om die Senaat te ken. De Wet se verwysing na die teenstrydigheid tussen die besluit tot naamsverandering sonder dat die gewetensklousule opgehef word, [154] dui waarskynlik daarop dat aanvanklik ook gevra is vir die skrapping van hierdie klousule. Hier moet ook in gedagte gehou word dat prof de Wet reeds in 1920, ten tye van sy studies aan die Vrije Universiteit te Amsterdam, homself as besliste teenstaander van inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika met behoud van die gewetensklousule verklaar het.

Skynbaar was die opvatting dat dit nie 'n saak vir die Senaat was nie, want in die res van die liggaam se notules word glad nie weer na die saak verwys nie en die Raad het die saak self verder deurgevoer. [155]



***3.1.15***

***Prof CJH de Wet het saam met AJH vd Walt beswaar gemaak dat die Raad nie die Senaat in die saak geken het nie.***

Op 25 November het die Raad die laaste voorbereidings vir die indiening van die wetsontwerp getref. Behalwe dat prof Postma en ds de Klerk as bevorderaars namens die Senaat en Raad sou optree, is ds ML Fick, verteenwoordiger vir Potchefstroom, aangewys as die promotor vir die indiening in die Volksraad. [156] Die wetsontwerp is hierna in verskeie koerante gepubliseer en het ook in die onderskeie staatsdepartemente gesirkluleer. In die kantore van die departement van Onderwys was daar gemaklikheid, is dit teoreties as net 'n naamkwessie beskou en kon daar uit 'n blote wetsoogpunt geen besware ingebring word nie. [157]

Prof Postma het hom vroeg in Januarie 1932 ter bevordering van die wetsontwerp in die Kaap bevind en het versoek dat die voorsitter van die Raad, ds WJ de Klerk, wat as die Raad se agent sou optree, teen die einde van die maand by hom moet aansluit. Kenmerkend van die gees en gesindheid van die destydse PUK-leiers, was de Klerk bereid om, ter wille van besparing, met 'n "Coastal Excursion" te reis en in 'n goedkoop privaat hotel in die Kaap tuis te gaan. [158] 'n Paar weke later laat weet de Klerk dat hy "nog 'n pond of vyf, ses nodig (sal) hê" omdat Postma hom gevra het om langer te bly "om wag te hou oor die wet" en om met senatore te skakel. "Dit lyk my", laat weet hy, "daar bestaan 'n redelike kans om die wet sonder baie opposiesie deur te kry. Maar 'n mens weet nooit wanneer 'n hasie opgejaag kan word." [159]

Enkele "hasies" was intussen reeds aan 't hardloop. Die Universiteit van Kaapstad het die sekretaris van Onderwys laat in November 1931 laat weet dat hulle nie, direk of indirek, steun kan verleen aan enige maatreël wat direk of indirek in stryd is met die Hoër Onderwyswet van 1917, wat 'n verbod plaas op godsdienstige toetse by universiteitskolleges wat staatshulp ontvang. [160]

'n Ander "hasie" was in die gestalte van die Joodse Raad van Afgevaardigdes.

Tydens 'n kongres van hierdie organisasie in Desember 1931 het een van die onderkomitees die aandag op die PUK se wetsontwerp gevestig en is tot die onvermydelike gevolgtrekking gekom "that only those of the Christian faith will be admitted within its portals, although the 'conscious clause' in the University Act stipulates that no religious test shall be imposed on any person as a condition of being employed, or a student at any college". Die Raad van die organisasie is gemagtig om stappe te neem in die saak. [161]

Postma het intussen die registrateur in kennis gestel van verwikkelinge en hom versoek om die *Argus*-berig met plaaslike Joodse leiers op te neem en te vra vir 'n ondersteunende verklaring van hulle kant. Hy versoek ook die name van al die Joodse studente en, indien moontlik, ondersteunende verklarings van hul ouers. [162] Kollega van Rooy (registrateur) is ook gevra om met 'n vooraanstaande Jood in Potchefstroom, mnr MB Bloch, te skakel en 'n onderhoud tussen Postma en die voorsitter van die Joodse Raad, mnr H Hillman, te reël. [163]

In sy advies op bewyslewering het adv HA Fagan verwys na moontlike opposisie wat van Joodse kant verwag kon word en gesê dat enige simpatieke verklaring of getuienis uit Joodse geledere "uiters welkom" sou wees. Fagan se opmerking het verband gehou met 'n nota van prof Postma ter voorbereiding van getuienislewering, wat só gelui het: "Geen enkele Joodse student word toegang geweier nie. Die teendeel word met die volgende verklaring bewys (getuienis van ouers van Joodse studente tans aan die P.U.K.)" [164]

Inligting ter ondersteuning van Postma se aanspraak was nie verkrygbaar nie. Soektogte by die prokureursfirma Jan S de Villiers het niks opgelewer nie, terwyl afskrifte van die toepaslike dokumentasie nie in die PUK-Argief, wat op 'n stadium ietwat onversorgd was, teruggevind kon word nie. In die studenteregister van die PUK vanaf 1930 tot 1933 kom daar slegs twee name voor van wat waarskynlik Joodse studente was, naamlik (met studentenommers tussen hakies) Mary Shakinovsky (4915) en Mary Shulman (4916). Vier ander moontlike "kandidate" vir Postma se lys van Joodse studente was Violet Alice Kinnear (4852), Pearly Pincus (4857), Dorothy Robinson Crooks (4866) en Alecia Rita Hartley (4882).

Intussen het dosent LJ du Plessis skynbaar heel terloops 'n onderhoud met mnr Hillman gehad wat, volgens Postma, dalk veel vir die wetsontwerp kon beteken. [165] Geen besonderhede oor hierdie ontmoeting is bekend nie.

Die ontmoeting tussen Postma-hulle en Hillman en sy kollegas, wat volgens de Klerk bedoel was "om die Joodse tande 'n bietjie af te vyl", het op 11 Februarie plaasgevind. Daaroor rapporteer hy só terug aan kollega van Rooy: "Die slotsom was dat hy by alle vriendelikheid ons meegedeel het dat hy die wetsontwerp sal moet laat opponeer. Eers het hy ons versoek om 'the big thing" te doen en nie die wetsontwerp in te dien nie. Baie beslis is hom meegedeel dat daar geen sprake van is nie." [166]

'n Verdere advies van Fagan was dat bewys gelewer sou moes word dat die PUK se vernaamste ondersteuners mense is van Christelike belydenis. Dit is nie moeilik nie, skryf Postma aan van Rooy: tot en met inkorporasie is alle gelde uitsluitlik ontvang van die Gereformeerde Kerk, daarna vir die grootste gedeelte van wat hy bestempel as Christelike mense. Hy vra ook dat die

registrateur so gou moontlik detailbesonderhede oor die PUK se finansies aan hom sal voorsien. [167]

Registrateur van Rooy het vinnig reageer en die syfers deurgegee: Van Gereformeerde Kerk £24 013, van ondersteuners en verenigings £2 091, PUK-boufonds £12 361 en kollegegelde £42 089 – dus in totaal £78 463. Teenoor die £111 041 staatsubsidie wat ontvang is, verteenwoordig die eie fondse dus ongeveer 41%.[168]

### 3.1.12 Wetsontwerp in die Parlement


Die "Private Wetsontwerp om die Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet, 1921, te wysig" en waarna voortaan amptelik verwys is as "die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys (Private) Wet, 1932", is op 4 Februarie 1932 deur die LV vir Potchefstroom, ds ML Fick, ingedien. Dit is sonder bespreking verwys na 'n gekose komitee onder voorsitterskap van dr NJ van der Merwe. Die ander lede was CWM du Toit, LJ Steytler, JH Hofmeyr en CAA Sephton.

Soos die bedoeling was, is sake in die Gekose Komitee stadium deurtrap. **Die aanhalings en verwysings na besprekinge wat hierna volg, is almal afkomstig uit die amptelike verslag van die verrigtinge van hierdie komitee.**

Die trant van bevorderaars Postma en de Klerk se getuienis voor die Gekose Komitee was dat die inrigting sedert sy ontstaan 'n Christelike karakter dra, dat dit opgerig is met en tot by afskeiding van die Teologiese Skool maar selfs daarna, tot op datum, finansieel gedra is deur fondse ter bestendiging van die Christelike karakter. Die behoud van sy Christelike karakter is dus wenslik "omdat die inrigting sy ontstaan, bestaan en voortbestaan aan ondersteuners van christelike gesindheid te danke het".

Ook is aangevoer dat die herstel van die PUK se naam nie in stryd is nie met die bepalings van artikel 15 van Wet 20/1917 (die sg. gewetensklousule), omdat universiteite nie staatsinstellings is nie maar 'n van staatsweë ondersteunde inrigting en die sentiment van ondersteuners van 'n sodanige inrigting in berekening gehou moet word. Met verwysing na die goedkeuring van die konstitusie van die "South African Native College" in 1923, is verder aangevoer dat 'n Christelike karakter nie in stryd is met die betrokke wet nie.

In die stel van die PUK se saak is handig gebruik gemaak van die brief, in Maart 1919, waarvolgens die regering subsidie aan 'n afgeskeie kollege sou verleen, maar waarin ook getoon is dat die Christelike karakter nie in stryd of onbestaanbaar was met die gewetensbepaling nie. Dieselfde geld die stelling van dr Malan as minister



APPROVED BY TREASURY
In terms of 29/1/19
Authority F...... date......
Recorded by Williamson
C.N. 25/3/19

25 Maart, 19.

Ds. W. Postma,
Adres Mnr. H.J. du Plessis,
Bathurst Road,
WIJNBERG.

Wel Eerw. Heer,
Ik heb de eer, in opdracht van Z.Ed de Minister van Onderwijs, u mee te delen dat de Regering het verzoek om subsidiëring van het Potchefstroom Kollege in verdere overweging heeft genomen en besloten heeft voorsiening te maken voor 'n jaarlikse subsidie, £ voor £, geen £4,000 per jaar te bovengaande, onder de voorwaarden gesteld in 'n schrijven aan Z.Ed. gericht, dd.20 dezer, en ondertekend door u en Prof. Dr. J.D. du Toit, nl.,

i. Dat het Kollege geheel sal worden afgezonderd van het Theologiese Departement volgens besluit van de Sienode, en onder een zelfstandige Raad sal worden geplaatst;

ii. Dat gelden wederzijds voor het Kollege bijdragen, op generlei wijze sal worden aangewend, direkt of indirekt, ten bate van gemelde Theologiese Afdeling;

iii. Dat gemelde subsidie tijdelik sal zijn, voor minstens drie jaren, opdat de Raad van Kuratoren in de gelegenheid gesteld worde om de kwestie van inkorporatie volgens wet aanhangig te maken, wat eerst over drie jaar kan geschieden.

iv. Bij de aanstelling van professoren en lektoren sal allen zorg gedragen worden dat het kristelik karakter van het Kollege gehandhaafd wordt, zonder aanwending van een denominationale toets; bij de toelating van studenten geldt geen godsdienstige toets.

v. De H.Ed. Regering sal het recht hebben zich te laten vertegenwoordigen tot een getal van eenvierde van de leden van de Kollege - raad.

Ik heb de eer te zijn,
U We. Eerwe. dw. dienaar,

(Sgd.) Geo. M. Hofmeyr

*3.1.16*

*'n Kopie van die brief, gedateer 25 Maart 1919, waarvolgens subsidie aan die PUK verleen is, en wat nou weer ter sprake gebring is.* **( UED: Treasury 27/43/166)**

van Onderwys, wat by die hoeksteenlegging van die hoofgebou in 1930 gesê het dat meer as 95 persent van "ons volk" aanhangers is van die Christelike geloof. Postma self het 'n stewige betoog gelewer oor die statutêre versoenbaarheid van die gewetensklousule met die handhawing van 'n Christelike karakter en dit duidelik uitgespel dat by die naamsverandering tydens inkorporasie dit duidelik deur die destydse minister van Onderwys uitgespel is dat daar nie botsing was tussen die strewe om die christelike karakter te handhaaf en die gewetensklousule nie: "… hy het gesê wat u binnekant maak is nie ons besigheid nie, ons sal u net belet om voorkeur te gee aan spesiale mense".

Veral JH Hofmeyer het indringende vrae aan die twee PUK-getuies, prof Postma en ds de Klerk, gerig. Hy het baie gehamer op die posisie vóór, en die motivering vir inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika in 1921. Hofmeyr het veral gekonsentreer op die

motivering vir die 1919-bepaling dat by die aanstelling van dosente "alleen zorg (zal) gedragen worden dat het kristelike karakter van het Kollege gehandhaafd wordt" en De Klerk het dit duidelik uitgespel: "Die bedoeling was om geen kerkelike inrigting daarvan te maak nie; die bedoeling was dat daar geen voorkeur sou gegee word aan lede van 'n biesondere Kerkgenootskap, maar dat in die aanstelling van Professore daarop gelet sou word dat die kristelike karakter van die instelling sou gehandhaafd word deurdat die professore lede van 'n Kerk sou wees." Op 'n vraag van voorsitter van der Merwe of die bedoeling destyds was dat daar nie 'n denominasionale (kerklike) toets gestel sou word nie, maar "alleen dat 'n algemeen kristelik karakter sal bewaard word", het ook Postma bevestigend geantwoord.

Postma het uitgebrei op die karakter aspek en gewys hoedat hy op reise deur al vier die provinsies altyd groot ondersteuning gekry het van mense met Christelike gesindheid, wat dit wenslik maak dat die karakter behoue sal bly. Hy wys verder daarop dat die Christelike karakter van die inrigting nie in stryd is met die wet nie, en dat die gewetensklousule nie bepaal dat 'n instelling nie 'n Christelike karakter kan hê nie. Ter stawing het hy gewys op die Christelike bepalings ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege, en dat die minister sowel as die Volksraad tydens die debatsvoering daaroor destyds van mening was dat dit nie in stryd was met die omstrede klousule nie, dat dit moontlik was vir 'n inrigting om sy christelike karakter in stand te hou.

Postma het ook 'n verdere dimensie aan die debat gegee deur te beweer "dat die subsidie [1919] aan ons gegee was alleen met die doel om ons in staat te stel om die kristelike karakter van die inrigting in stand te hou, en daarom sê ons dat wat ons nou vra kan nie in stryd wees nie met wat erkend was deur die destydse minister". Voeg nog hierby dat die huidige minister self gesê het "dat die Staat die kristelike moraliteit behoort te aanvaar omdat meer as 95 persent van ons volk aanhangers is van die kristelike geloof", en hy voel dat die punt gemaak is vir die behoud van sy inrigting se Christelike karakter.

En as dit dan wenslik is om die karakter te bewaar, "dan is dit eveneens wenselik dat die kristelike karakter deur die naam aangedui sal word". Op die vraag hoe die naam dan die karakter kan bewaar, wys Postma daarop dat 'n naam, net soos 'n vlag, nie sonder betekenis is nie.

Verwysende na die feit dat die Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie (voorganger van Witwatersrand Universiteit), as komponent van die Universiteit van Suid-Afrika, sy naam tot in 1921 behou het, en dat die usansie op daardie stadium nog nie so



***3.1.17***

***JH Hofmeyr... het PUK-voormanne onder skerp kruisverhoor geneem.***

sterk was nie, het Hofmeyr dit vreemd gevind dat die naam in 1921 verander is. Hy het bly hamer: Waarom is die naam destyds in 1921 verander? Was dit alleen om by die usansie (gewoonte, gebruik) te bly, om die inrigting op gelyke voet met die ander te bring? Postma sowel as de Klerk se se antwoord hierop was bevestigend.

Hofmeyr dril dit in: "Was dit alleen om rede van die usansie, Ds. De Klerk?" Waarop de Klerk beslis antwoord: "Ja. Hul het nog gespot en gesê 'maar jul is nog 'n puck' ." In hoe 'n mate dié spotnaam, in die betekenis van "elf" of "kabouter", in verband gebring kan word met die weglating van die CHO-gedeelte van die destydse naam, is nie heeltemal duidelik nie. Dit kon dalk wel die strewe na eenvormigheid met die bestaande komponente van die federale inrigting gestimuleer het.

Hofmeyr het sy ondervraging voortgesit en wou meer weet oor die sinode besluit van 1920 – het dit iets gemeld omtrent die naam? Nee, was de Klerk se antwoord, die naam spesifiek was nie ter sprake nie, daar moes net sorg gedra word dat die Christelike karakter behoue bly.

De Klerk se verdere verduideliking werp effens meer lig op die destydse naamverandering. Na die besluit van die sinode, dat geïnkorporeer moes word, was daar slegs twee maande oor en moes die wetsontwerp

inderhaas opgestel word. Hy was self skaars 15 dae tuis na die sinode, voordat hy weer moes Kaap toe, vir die opstel daarvan: "Wel toe het ons die wet opgetrek en daarin het ons ook die 'P.U.K.' naam gevat. Toe ons later terugkom toe is die mense ontevrede daaroor en daar is wat vir ons gesê het 'jul het die groot beginsel prys gegee deur daardie naam te verander'. Later is die drang so sterk geword dat ons daar meer kennis van het moet neem. Toe ons later stappe moes doen om geld in te samel vir bou doeleindes het ons vir Professor Postma gevra om rond te gaan en vergaderings toe te spreek. Mense het toe vir hom gesê hul voel nie lekker oor daardie verandering van die naam nie."

Die Hofmeyr-inkwisisie oor die naamsverandering het nog 'n verdere ongemaklikheid opgelewer: Jul naam is destyds verander om jul kollege op gelyke voet te bring met die ander, maar nou wil julle dit weer terug verander – hoe dan nou? Hierop is geen pertinente antwoord verskaf nie.

Uit die getuienis van Postma en veral de Klerk wil-wil dit tog voorkom asof die opstellers van die wetsontwerp van 1921 op eie houtjie en op eie inisiatief die agtervoegsel tot die PUK se naam weggelaat het. Die spottery waarna de Klerk verwys het kan daarop dui dat die verwysing na "hoër onderwys" (of dalk net die "onderwys"-komponent) in die naam van die inrigting 'n minderwaardige konnotasie in federale kringe ontlok het, as dat die PUK maar net 'n "puck" ('n elf of kabouter) was, en dat die naam toe bloot net tot Potchefstroomse Universiteits Kollege verkort is.


Ter afsluiting van die Gekose Komitee se verrigtinge het adv Fagan vir oulaas daarop gewys dat die term "kristelik" niks seksioneels aandui nie, maar dat dit algemeen in Suid-Afrika erken word en dat die Christelike moraliteit deur die staat as moraliteit van die land erken word.

Nadat getuienis deur die Gekose Komitee aangehoor is, het die komitee die wetsontwerp goedgekeur, maar twee van die vyf lede, mnre Hofmeyr en Sephton, het daarteen gestem. [169]

Die gevaarligte het geflikker ...

Die verdeeldheid by die Gekose Komitee en verwagte opposisie tydens die tweede lesing van die wetsontwerp het tot gevolg gehad dat die registrateur, op versoek van Postma, dadelik 'n omsendbrief aan alle Gereformeerde predikante gestuur het met die versoek dat hulle by hulle volksraadslede aandring op steun vir die saak. Ook die sekretarisse van PUK-komitees is met dieselfde versoek genader. [170]

Die verwagte teenstand het toe wel gerealiseer, tydens die tweede lesing debat oor die wetsontwerp. 'n



***3.1.18***

***Ds ML Fick en sy vrou. Hy het die debat ingelei en "Joodse vriende" gerusgestel.***

Tweede haas wat opgejaag is, het vergestalting gevind in die persoon van mnr JH Hofmeyr, volksraadslid vir Johannesburg-Noord en die man wat in 1921, tydens die debatte rondom inkorporasie van die PUK by die Universiteit van Suid-Afrika, 'n sterk voorstander van die PUK se saak was. [171]

Maar eerste aan die woord was ds ML Fick, wat namens sy mede-Potchefstromers die debat ingelei het. Hy het veel gemaak van die historiese gronde vir die voorgestelde naamsverandering, asook van vrome maar billike sentiment as dryfveer daartoe. En hy het by voorbaat probeer om die verwagte teenstand van Joodse kant te temper, deur te wys op die goeie verhouding tussen Jood en Afrikaner in die verlede. Waar Jode die invoeging van die woord "Christelik" as 'n belediging ervaar, beskou hy op sy beurt weer die Joodse beswaar as 'n belediging: "Daar is vandag sewe Joodse studente in die Potchefstroomse Universiteitskollege, en dit is nadat dieselfde mense probeer het om die gewetensartiekel uit die Hoër Onderwyswet van 1917 te laat verwyder. As jy die Potchefstroomse Jode egter oor die kwessie raadpleeg, sal jy niks kry nie as die hoogste aanbeveling van die universiteitsinrigting. Dit is 'n universiteitskollege wat byval vind by die Jode, net soos dit byval vind by die res van die bevolking … Ek kan aan my Joodse vriende die versekering gee dat hier geen kwessie is van bang te wees nie." [172]

Later in die debat het ds CWM du Toit getwyfel of die Joodse lede namens die Joodse gemeenskap in die land praat en daarop gewys dat, ná die publikasie van die wetsontwerp, 'n Potchefstroomse Jood sy seun aan die PUK ingeskryf het. [173]

Hofmeyr was net na ds Fick aan die woord en het ten aanvang duidelik gestel dat hy nie kwade gevoelens jeens die PUK of die Christelike godsdiens het nie en dat Postma 'n man is vir wie hy die grootste moontlike respek koester. Sy besware was egter dat die wetsontwerp indruis teen die beginsel van vryheid van universiteite daar dit die dun end van die wig is om die gewetensklousule aan te tas. Ter stawing van sy vrese het hy verwys na 'n uitlating van Postma self in sy senaatsverslag vir 1931, waar hy gesê het dat die kwessie (die voorgestelde skrapping van die klousule) nie vir lank meer hangende sou wees nie.

Hy het verder betoog dat die PUK deur die naamsverandering nie meer op gelyke voet met die ander inrigtings sou staan nie – en in hierdie verband het hy weer handig gebruik gemaak van die bewoording te dien effekte in die konsiderans van die 1921-wet en 'n openlike erkenning van Postma dat die CHO uit die naam verwyder is om die PUK op gelyke voet met ander kolleges te bring.

Hofmeyr roep ook die PUK se voorgeskiedenis tot getuie: vir die grootste deel daarvan was hy 'n denominasionale inrigting, en in die gees is hy steeds so: nege van die dertien raadslede is lede van die Gereformeerde Kerk en sewe was of is predikante van die kerk; alle nie-gegradueerde studente moet die kursus in geloofsleer volg, terwyl, volgens Postma self, alle dosente die Woord van God as gids moet neem. Die voorgestelde naamsverandering sal die PUK dus terugplaas op daardie baan van vroeër, en dit bloot 'n denominasionale inrigting maak.

Hofmeyr het sy betoog afgesluit met 'n breë siening oor die plek en rol van die universiteitswese in Suid-Afrika: "Ons het hier in Suid-Afrika genoeg om ons te verdeel. Laat ons in elk geval ons universiteite behou as plekke waarin verskille van taal en nasionaliteit en godsdiens saamgevat kan word en waar die geleentheid sal bestaan vir die aankweking van 'n hegter eenheidsgevoel. Laat ons hulle beskou as die mees doeltreffende middels wat ons het tot opbouing van daardie onverdeelbare Suid-Afrikaanse nasie wat die Afrikaner Bond op die voorgrond van sy platform geplaas het en daarom moet ons nie stappe neem wat ons sal lei in die rigting van afsonderlike Universiteite vir afsonderlike groepe, en uiteindelik afsonderlike skole vir afsonderlike groepe." [174]

Die PUK se saak is veral sterk gestel deur dr NJ van der Merwe, wat gewys het op die sterk Christelike karakter van die bevolking (hy het weer die kwessie van 95% Christelikheid van die bevolking opgehaal) sowel as van die hele staatsinrigting. "Daardie woord behoort eintlik te staan in die naam van elke universitêre inrigting in Suid-Afrika en wel sonder 'n denominasionale toets, eenvoudig omdat ons 'n Christelike volk is en omdat hy verlang dat die gees van ons universiteite 'n Christelike karakter sal dra", het Van der Merwe betoog. Dit is syns insiens dus verregaande om in hierdie geval 'n denominasionale betekenis aan die woord "Christelik" te wil heg.

Van der Merwe het ook verwys na die staat se openlike erkenning van die Christelike karakter van die PUK in 'n amptelike skrywe in Maart 1919, en na die feit dat die inrigting inderdaad bekend staan as 'n inrigting vir



WOORD „CHRISTELIK" IN NAAM VAN P.U.K.

Sappe Soos Een Man Teen Naamsverandering

DIE GEWETENSBEPALING

Nasionaliste Stem vir die Wetsontwerp

DIE voorgestelde naamsverandering van die Potchefstroomse Universiteitskollege het gister sterk teenstand van S.A.P.-kant in die Volksraad uitgelok.

*Ds. M. L. Fick het weer sy wysigingswetsontwerp ingedien waarin die verandering van die naam in „Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys" voorgestel word.*

Die Opposisie het sterk beswaar gemaak teen die benaming „Christelik". Deur S.A.P.-lede is aangevoer dat die gewetensbepaling in die gedrang sal kom. Hulle het selfs 'n hoofdelike stemming geëis en soos een man teen die naamsverandering gestem.

*ONAANGENAME INDRUK*

*Nasionaliste het die verandering voor gestaan en daarop gewys dat daar hoegenaamd geen plan bestaan om die gewetensbepaling te veronagsaam nie.*

Die goedkeuring van die wetsontwerp is verseker, maar die teenstand het nietemin 'n onaangename indruk geskep.

***3.1.19***

***Kopie van berig in Die Burger 11.2.1933***

Christelike hoër onderwys, dat die wetsontwerp dus net die teorie in lyn met praktyk wil bring.[175]

Dr Malan, as minister van Onderwys, het reg aan die begin van sy spreekbeurt [176] sy steun aan die wetsontwerp toegesê. Die finansiële beperking op die Kollege, wat skynbaar opgelê is omdat dit 'n spesiale karakter gedra het, was "nie die lig waarin ek die inrigting gesien het nie, en daarom was dit van die aanvang af by my duidelik dat die bepaling … 'n dooie letter behoort te wees" en hy meen dat almal daarmee eens sal wees dat die beperking opgehef moet word. Malan het ook sy spyt uitgespreek, dit as 'n fout bestempel, dat die destydse bevorderaars van die private wetsontwerp toegelaat het dat PUK se historiese en tradisionele naam in 1919 hoegenaamd verander is. Hy het goeie begrip vir die misverstande en besware wat nou ontstaan het, veral omdat die voorstanders van die wetsontwerp sonder uitsondering diegene is wat hulle vir skrapping van die gewetensklousule beywer – en hy noem dr Van der Merwe by name. Malan lewer hierop 'n gloeiende lofrede oor die meriete van die gewetensklousule en stel dit onomwonde dat hy steeds ten gunste daarvan is, selfs ook vir die PUK, en as die wetsontwerp vir die terugtrekking daarvan gevra het, sou hy dit met hand en tand bestry het.

Malan het beklemtoon dat die onderwysbeleid van die land nie inrigtings wil belet om 'n Christelike atmosfeer te hê nie. Sulke inrigtings het 'n verheffende invloed op die studente wat hul opleiding daar ontvang. Syns insiens het die voorstanders van die wetsontwerp slegs een doel voor oë, nl. om te verseker dat 'n Christelike atmosfeer aan die PUK sal heers, en hy lewer 'n sterk pleidooi ten gunste van die aanvaarding van die wetsontwerp: "Dit gee alleen aan die inrigting 'n naam terug wat hulle nie wil verloor nie en wat 'n aanduiding gee van die karakter en gees wat hulle graag in daardie inrigting wil sien. As ons dit sou doen, dan sal daar ook op die gebied van hoër onderwys in verband met die stryd wat daar was oor die gewetensbepaling, vrede wees. As ons die wetsontwerp sou afstem en nie aan die versoek voldoen nie, dan sê ek dat ons die indruk gaan gee dat die Christelike standpunt uit ons hoër onderwys uitgesluit sal wees, iets wat seer seker nie die bedoeling is van diegene wat die gewetensklousule steun en van hierdie Parlement nie' en as ons daardie indruk gaan gee, dan gaan dit 'n kwade dag vir Suid-Afrika wees."

Dit is insiggewend dat Malan ook sterk klem daarop gelê het dat by Fort Hare, ten spyte van sy uitdruklike Christelike karakter, studente van verskillende godsdienstige geloof aanwesig is en het dit as toepaslike voorbeeld vir optrede jeens die PUK voorgehou – presies soos byna tien jaar tevore reeds deur *Die Saaier* (Ferdinand Postma) en deurentyd deur die bevorderaars van die PUK se saak betoog is. En dat hy sy steun aan die wetsontwerp ook gegrond het op die 1919-toegewing dat die inrigting sy besondere karakter kon behou en op die bepalings by inkorporasie in 1921 "dat die godsdienstige gemeenskap in die regerende liggaam nie alleen 'n bepaalde meerderheid sal hê nie maar ook dat die inrigting 'n bepaalde karakter sal dra". As agbare lede dan nie wil hê dat die naam van 'n inrigting 'n aanduiding moet gee van die karakter van daardie inrigting nie, sê Malan, dan moet hulle ook optree teen Fort Hare en teen Hugenote Kollege, waarvan die naam ook die Christelike karakter daarvan weerspieël.


'n Ver pad is geloop sedert Malan in 1926 tydens die Nasionale Party se Kaapse kongres die PUK daarvan beskuldig het dat hulle agitasie vir die verwydering van die gewetensklousule bloot net bedoel was om na die voor-1921-status terug te keer, dog met behoud van al die voorregte wat die gewone universiteitswette gee. En toe hy die PUK gevra het of dit hulle werklik erns was, as hulle hulle nie ter wille van hul oortuiging aan die finansiële beperking wou onderwerp nie.[177] Sy strategie was nou om 'n wen-wen situasie te skep, deur aan die PUK die volle toelae te gee en hulle naam aan hulle terug te besorg – en dis, soos hy dit sien, die einde van die stryd teen die gewetensklousule.

Die volksraadslid vir Woodstock, mnr. Morris Alexander, wat – net soos Hofmeyr – die wetsontwerp as die dun kant van die wig, die voorloper tot die afskaffing van die gewetensklousule beskou het,[178] het namens die "georganiseerde Jodedom van Suid-Afrika" gepraat en protes aangeteken teen hierdie voorbeeld van Potchefstroom, wat tot ander universiteite uitgebrei kan word en daartoe kan lei dat al die universiteitskolleges in Suid-Afrika uiteindelik kerklike inrigtings sou word. Die PUK, sê Alexander, het in 1921 sy kerkskool-karakter afgelê, as voorwaarde vir die aanvaarding van die destydse inkorporasie wetsontwerp. Hy het van der Merwe aangehaal wat gesê het dat die PUK in 1921 enersyds om erkenning vir sy grade en tweedens ter wille van geldelike redes by die Universiteit van Suid-Afrika ingeskakel het: "Dit was 'n doelbewuste oortuiging aan hulle kant dat hulle slegs op daardie manier gelyke geldelike behandeling sou kry." Hy wys ook daarop dat die PUK steeds "feitlik 'n kerkinrigting" is, met 9 van die 13 Raadslede Doppers. Met 7 van dié 9 boonop predikante, het hulle "volle beheer". Maar hulle gee nie om nie, "want die basis daarvan, die wette en die pligte van die inrigting is nie denominasionaal nie". As 'n klein minderheid beskou sy gemeenskap die gewetensklousule as "die Magna Charta van godsdienstige minderhede in hierdie land". Die universiteit het ter wille van erkenning by eksamens en geldelike steun sy naam prysgegee en kan dit nou nie terugkry en die ander voorregte behou nie.

Alexander het ook die opmerking gemaak dat hierdie wetsontwerp verwys is na universiteitsrade, en dat minstens een sodanige raad nie sy steun daaraan kon gee nie. Hy het dr van der Merwe gedaag om die antwoorde wat ontvang is, aan die Volksraad voor te lê. [179]

Nog 'n Joodse parlementslid, mnr Morris Kentridge (Troyeville), het verbete volgehou en Malan as minister verkwalik dat hy 'n maatreël steun "wat noodwendig 'n toestand van sake moet skep waar sektariese onderwys in denominasionale onderwys sal omgesit word op koste van die algemene publiek". [180]

Op 15 April 1932 is die wetsontwerp met 63 stemme teenoor 45 aanvaar, in 'n stemming wat streng volgens partylyne verloop het, met die regerende Nasionale Party en sy bondgenoot Arbeidersparty ten gunste en die Suid-Afrikaanse Party daarteen. Hierna is dit formeel vir die tweede keer gelees. Nou moes die Volksraad dit nog in komitee behandel, artikel vir artikel, en ds Fick het voorgestel dat dit dadelik geskied. Mnr. Alexander het vertragingstaktiek toegepas en beswaar gemaak, waarop die komiteestadium vir 22 April geskeduleer is. [181]



***3.1.20***


***Mnr Louw Steytler - aan hom en aan senator TC Stoffberg is dank betuig vir hulle aandeel in die oorwinning.***

## 3.1.13 Vreugdevure … en herstel van "verminkte vaandel"!

Hoewel die slag nog nie finaal gelewer was nie, is die vreugdevure reeds na afloop van die tweede lesingsdebat aangesteek. Prokureurs de Villiers het die nuus van goedkeuring dadelik deurgegee na Potchefstroom, waarop die registrateur onmiddellik 'n aantal bedankingsbriewe aan betrokkenes uitgestuur het. [182] Ook die rektor het die weldoeners onder sy eie hand bedank. Bo-aan die lys was dr DF Malan, vir sy kragtige ondersteuning: "U optrede het ongetwyfeld die deursny gegee en daarmee het UEd. die P.U.K.'n baie groot diens bewys, wat deur ons en ons ondersteuners baie hoog waardeer word." Hy versoek dat Malan sy invloed verder sal gebruik, om die wetsontwerp veilig deur sy finale stadiums te loods.[183]

Mnr PGW Grobler, wat liggaamlik ernstig ongesteld was maar "in stilte u groot invloed gebruik het", asook ds CWM du Toit, dr NJ van der Merwe en ds ML Fick het ook briefies van die rektor ontvang vir hul aandeel in die sukses. Ds Fick se "taktiese optrede en verstandige behandeling van die saak" was, volgens Postma, grootliks vir die sukses verantwoordelik en hy hoop dat hy (Fick) die saak verder sal kan deurloods: "Onder u leiding en met die seën van God sal ons dan verkry wat ons verlang."

Wat die verdere hantering van die saak betref, ag Postma nie sy of de Klerk se teenwoordigheid in



***3.1.21***

***Bybelvertaler prof EE van Rooyen - gelukwense en lof vir heldhaftige stryd.***

die Kaap nodig nie want laasgenoemde het die Raad verseker dat hy met sy vorige besoek goeie werk onder die senatore gedoen het. "Ons spaar liewer die geldjies, maar as dit moet sal 'n plan kan gemaak word", sê die immer spaarsamige leidsman van die PUK.

Ook Gekose Komiteelid LJ Steytler, volksraadslid vir Albert (die kiesafdeling waarin Burgersdorp val) en prokureurs De Villiers het nie vergete gebly toe dankbaarheid betoon is nie. [184] Aan senator TC Stoffberg, wat ingewillig het om die wetsontwerp in die Senaat te loods, laat weet Postma dat hy wel teenstand kan verwag, maar na die besliste optrede van die Nasionale Party in die Volksraad is 'n oorwinning in die Senaat ook verseker. [185]

Bybelvertaler prof EE van Rooyen, professor in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, het gelukwense aan prof JA du Plessis van die Teologiese Skool oorgedra met "U stryd – sowel die heldhaftige en volhardende wyse waarop dit gevoer is en die bekroning daarvan". Hierdie oorwinning het die moontlikheid uitgeskakel dat die etiket "anti-kristelik" op die PUK toegepas kan word: "Daar is nou ten minste **een** Inrigting vir positief-Kristelik hoër onderwys in ons land vir die blanke deel van die bevolking wat daarvan gebruik wens te maak."

Prof du Plessis het van Rooyen se brief aan Postma deurgestuur, saam met 'n knipsel uit die tydskrif *De Wachter*, waarin Nederlandse professor G Aalders aangevat word oor 'n stelling in die Nederlandse koerant *De Standaard*, naamlik dat die Vrye Universiteit die enigste universiteit is "met den Bijbel op de geheele wereld". Wat dan van Calvin College te Grand Rapids, Amerika en die P.U.K., "waar toch ook den wetenschap volgens den Bijbel wordt beoefend", sê-vra die ongenoemde skrywer van die blad. [186]

Iets meer as 'n maand na die tweede lesingsdebat het die parlement verdaag en moes die verdere hantering van die wetsontwerp oorstaan tot die parlementsitting van 1933. Dit moes ietwat van 'n teleurstelling gewees het, maar aan optimisme oor die einduitslag was daar nie 'n gebrek nie. [187]

**Dit was nou net 'n kwessie van tyd ...**

Die depressie en die ekonomiese krisis aan die begin van die dertigerjare, met die daaruitvoortspruitende dramatiese politieke verwikkelinge rondom die goudstandaardkwessie tydens die jaarwending 1932-1933, het uitgeloop op die ewe dramatiese koalisie tussen die regerende Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party. Terwyl dinge agter die skerms nog aan die gis was en in die geheim onderhandel is oor samewerking tussen die politieke aartsvyande Hertzog en Smuts, het die volksraad op 10 Februarie 1933 in komitee gegaan om die individuele artikels van die PUK-wetsontwerp te behandel. [188]

Prokureursfirma Jan S de Villiers het die dag vantevore 'n boodskap deurgegee dat die Joodse opposisie teen die wetsontwerp laat vaar sou word indien ingevoeg word dat die woord "Christelike" in die naam nie die verwydering van die gewetensklousule beoog nie. [189] Postma se reaksie was dat dit onnodig was, dat die saak in die bestaande wetgewing uitgeklaar word. [190]

Tydens hierdie finale besprekinge in die Volksraad[191] was dit veral die artikel oor die voorgestelde naamsverandering wat skerp onder skoot gekom het, en by name die woord "Christelike". Basies was dit maar bloot 'n herhaling van die vorige standpunte, teen en vir: Morris Alexander het, ten spyte van onomwonde versekeringe tot die teendeel, "steeds heftiger in die bestryding van die ontwerp geword"[192] en volgehou dat dit die afskaffing van die gewetensklousule in die oog het. JH Hofmeyr het bly hamer op die feit dat dit die PUK op 'n ongelyke voet met ander universiteite sou plaas. Alexander, Hofmeyr en Patrick Duncan was, soos prokureur de Villiers voorsien het, bereid om die term "Christelike" te aanvaar mits in 'n amendament duidelik gestipuleer word dat dit nie godsdienstige toetse en diskriminasie impliseer nie. [193]

Die sterk aandrang op die term "Christelik" toon, volgens Duncan, "dat hulle in die toekoms wil doen, wat hulle na ek verneem het in die verlede gedoen het, nl. om hul personeel te beperk tot persone wat 'n sekere godsdiens toegedaan is". Mnr Sephton, wat nou en ook in 1921 lid was van die gekose komitees wat met die PUK wetsontwerpe gehandel het, het hom ook by die versetsgroep aangesluit. [194]

Soos etlike van sy kollegas, het SAP-LV TF Allen anti-Joodsheid in die voorgestelde naamsverandering ingelees: dit is bloot net om die Joodse gemeenskap uit die kollege te hou. Dalk is dit geïnspireer deur opmerkings van onder meer ds Fick dat, indien verlang, hulle sou stem vir 'n staatsondersteunde Joodse inrigting vir hoër onderwys. [195]

Deur ondersteuners van die wetsontwerp – onder andere di Fick en CWM du Toit, advokate CR Swart en JG Strijdom, mnr Harm Oost en dr NJ van der Merwe – is, volgens *Die Burger* hard probeer "om met die mees oortuigende bewyse die Opposisie tot insig te bring van sy totaal verkeerde opvatting ... Dog dit was alles verniet". [196] Du Toit het onder meer na die Hugenote Kollege verwys en gevra of "Hugenote" dan nie "Christelik" beteken nie, of dit nie 'n aanduiding van "Christelik" is nie "en nogal baie nouer omdat dit maar 'n deel van die Christelike bevolking omvat". Hy kon die teenstand nie begryp nie en het gesê dat die volk sal oordeel dat die opponente nie wil hê dat 'n instelling 'n Christelike naam moet hê nie. [197]

Oor sy beroep op die volk om te oordeel, het Alexander op sy beurt woes onder du Toit ingeklim en "om te probeer om stemme te vang deur 'n godsdiensstryd te veroorsaak", skerp veroordeel en

gesê dat hy "in die agterveld onder Dopper-dwepers" ongetwyfeld baie stemme met so 'n uitspraak sal vang. [198]

Tydens stemming in die komiteestadium het Alexander volgehou met sy verset en is al die artikels, behalwe dié oor staatstoelae, deur hom bestry. Hy het ook volhard met sy voorgestelde amendering van die omstrede artikel 3, om dit bo alle twyfel te stel dat die gewetensklousule nie geraak word nie. Hy kon steeds nie begryp waarom daar so 'n geweldige opposisie moes wees net om die punt duidelik te maak dat die gewetensklousule nie geraak word nie. Hy het "in alle billikheid" 'n beroep op dr Van der Merwe en ds Fick gedoen om, "noudat hulle die naamsverandering gekry het, hulle ten minste moet toon dat dit hulle erns is om toe te sien dat die gewetensbepaling nie getref word nie en dat dit van krag bly". Ook JH Hofmeyr het gewys op die samestelling van die PUK-Raad en op bepaalde PUK-uitsprake oor die strewe om die gewetensklousule uit die weg te ruim, en 'n beroep op ds Fick gedoen om die agterdog wat gewek is, uit die weg te ruim. [199] Uiteindelik is tot stemming oorgegaan en is die naam "Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys" met 'n meerderheid van nege stemme (49 teen 40) aanvaar. Die amendement van Alexander is vir oorweging op 17 Februarie geskeduleer. [200]

Die *Cape* Times, met uitgesproke simpatie vir die opponente van die wetsontwerp, bestempel die debat as 'n stryd tussen denominasionalisasie en nie-denominasionalisasie, met eersgenoemdes op die dag die wenner: "The innocent-seeming Bill to amend the Potchefstroom University College (Private) Bill was the vehicle." Teenoor wat bestempel is as die kwaadwillige beskuldigings ("malicious allegations") van voorstanders van die wetsontwerp dat die teenstand deur antipatie teen die Christelike geloof geïnspireer is, word gestel die teenstaanders se oortuiging dat die wysiging van die naam 'n besliste denominasionale (kerklike) karakter gee aan 'n instelling wat staatsubsidie ontvang en daarom vir alle belastingbetalers toeganklik behoort te wees. [201]

En toe gebeur dit: op 17 Februarie 1932 word Alexander se amendement sonder slag of skoot goedgekeur!

Deur die *Potchefstroom Herald* is gespekuleer dat Alexander en Fick waarskynlik privaat 'n ooreenkoms bereik het, terwyl die *Cape Times*, verwysende na die voorafgaande halsstarrige ("stubborn") teenkanting van Fick, wat op sy beurt weer halsstarrige opposisie tot gevolg gehad het, ook die gelukkige einde verwelkom het. Daar is nog wel besware teen die denominasionale kleur wat die term *Christelik* aan die naam verleen, maar dit kan verskoon word vanweë die versekering dat 'n terugkeer na blatante denominasionalisme afgeweer is. [202]

Waarom dan hierdie skielike toegeeflikheid van die kant van die meerderheid wat hulle agter die PUK geskaar het? Uit beskikbare bronne kon geen direkte antwoord op hierdie vraag verkry word nie en 'n verklaring moet heel moontlik gesoek word in die feit dat generaals Hertzog en Smuts pas twee dae tevore agter die skerms oor koalisie begin onderhandel het.



PRIVATE WET

**Om die „Potchefstroom Universiteitskollege (Priv**
**Wet, 1921" te wysig.**

NADEMAAL daar op Potchefstroom in die Prov
Transvaal 'n instelling is vir hoër onderwys in le
en wetenskap, welke instelling van die jaar 1869 tot
Maart 1919 bestaan het as letterkundige en wetenska
afdeling van die inrigting bekend as „De Theologiese S
van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika," gestig
stand gehou deur die kuratore van genoemde kerk, e
die eerste April 1919 onder die naam „Het Potchefst
Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs"
afsonderlike instelling geword het onder beheer van 'n
raad, gesubsidieer deur die voornoemde kuratore en deu
Regering:

EN NADEMAAL die Potchefstroom Universiteitskollege
vate) Wet 1921 gemelde instelling onder die naam
Potchefstroom Universiteitskollege" ingelyf het en dit v
het tot 'n kollege bevoeg om as 'n samestellende kollege
die Universiteit van Suid-Afrika geproklameer te word e
die bestuur en beheer van die sake van gemelde instelling
reëling van die werksaamhede daarvan en ander sake
daarmee in verband staan voorsiening gemaak het:

EN NADEMAAL gemelde instelling by Proklamasie No.
van 1921 uitgevaardig in die *Staatskoerant* van die vyfti
Julie 1921 toegevoeg is aan die Tweede Bylae van die „Un
siteit van Zuid-Afrika Wet 1916" en tot 'n samestell
kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geproklamee

EN NADEMAAL gemelde instelling sedert sy ontstaa
christelike karakter gedra het en nog dra, en gemelde
stelling opgerig en tot die een-en-dertigste Maart 191

*3.1.22*

*Staatskoerant 8 Maart 1933*



opsigte hierbo aangedui:

WORD DIT DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. In artikel *een* van die Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet, 1921 (hierna genoem die Hoofwet) word die woorde „het Potchefstroom Universiteitskollege" in die woordbepaling van „Het Kollege" vervang deur die woorde „Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys". — Wysiging van artikel 1 van Wet No. 25 van 1921.

2. In artikel *twee* van die Hoofwet word die woorde „Het Potchefstroom Universiteitskollege" in sub-artikel (2) vervang deur die woorde „Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys". — Wysiging van artikel 2 van Wet No. 25 van 1921.

3. In artikel *ag* van die Hoofwet word die woorde "Potchefstroom Universiteitskollege-raad" in sub-artikel (6) vervang deur die woorde „raad van Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys". — Wysiging van artikel 8 (6) van Wet No. 25 van 1921.

4. Artikel *neëntien* van die Hoofwet word hiermee herroep. — Herroeping van artikel 19 van Wet No. 25 van 1921.

5. Nieteenstaande andersluidende bepalings van hierdie Wet bly die bepalings van artikel *vyftien* van die „Wet tot Additionele Regeling van het Hoger Onderwijs, 1917" (Wet No. 20 van 1917) van toepassing op Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys. — Voorbehoud.

6. Hierdie Wet kan aangehaal word as die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys (Private) Wet, 1933. — Kort titel.

Dit kon waarskynlik nie toegelaat word dat hierdie sensitiewe onderhandelinge deur die naamkwessie van die PUK verongeluk word nie.

Aanvaarding deur die Senaat, waar senator TC Stoffberg die wetsontwerp deurgeloods het, was hierna 'n blote formaliteit. [203]

Op 8 Maart 1933 is Wet nr 5 van 1933 in die Staatskoerant gepubliseer en het die PUK weer sy van, "vir Christelike Hoër Onderwys", herwin. Die "verminkte vaandel" is in ere herstel!

Reeds in sy jaarlikse verslag vir 1932 het rektor Postma die hartlike dank van die Raad oorgedra vir die bekwame leiding van ds Fick en die "seer gewaardeerde steun van die Ed. Minister van Onderwys asook die meerderheid van die Volksraadslede" wat ondersteun het. [204] In 1933 voeg hy ook die naam van senator Stoffberg by en sê: "Die spreekwoord 'noblesse oblige' (eer diegene wat dit toekom) behoort altyd maar veral in hierdie verband sy volle krag te hou." [205]

'n Paar jaar later getuig Postma só hieroor: "Daar was blydskap en vreugde nie alleen in ons kring nie, maar oor die lengte en breedte van die land dat die smaadheid aan die Christelike belydenis weggeneem is. Koersvas het die inrigting getrou gebly aan die inspirerende en lewe-wekkende beginsel om alle wetenskap, alle opvoeding en opleiding te bring onder die tug van die Woord van God en alle probleme en vraagstukke te besien by daardie Lig, wat die waaragtige Lig is wat elke mens verlig." [206]

In die studente-kwartaalblad *Die Besembos* was ook daar dankbetuigings aan ds Fick en dr Malan en die persone wat die saak deurgevoer het. Dit is nie 'n saak wat by hulle as studente lig verby gegaan het nie en die betekenis van die naamsverandering is só gesien: "Daarmee word offisieel erken die reg van 'n Christelike wetenskap. Deur die naamsverandering is 'n waarborg gegee vir die Christelike karakter van ons kollege in ons beoefening van die wetenskap." Dit is verder ook beklemtoon dat met Christelike karakter of atmosfeer geensins kerkistiese atmosfeer bedoel word nie: "Die wat nou nog ons standpunt so interpreteer is verblind in hulle vooroordeel. Mag hulle mettertyd siende word!" Vir studente bring die naamsverandering geen nuwe verpligtinge mee nie, maar gee dit bloot net groter aansporing om te volhard op die ingeslane weg; is dit " 'n aansporing om ons Christelike studente-atmosfeer suiwer te hou".

Maar daar was ook 'n stekie: dat dit hoegenaamd nodig moes wees dat in die raadsaal van 'n Christelike volk "met alle mag gepleit moes word om die woord Christelik geplaas te kry by die naam van ons inrigting". [207]

Tydens die rekonstruering van die werklike gebeure rondom die naamsverandering van die PUK – enersyds die weglating van "Christelike Hoër Onderwys" in 1921 en andersyds die terugbring daarvan in 1933 – het 'n nogal tergende vraag na vore gekom: **Waarom is die agtervoegsel in 1921 weggelaat?**

In die uitgebreide debatsvoering oor die behoefte en wenslikheid om die oorspronklike Christelike karakterisering te herstel, het dit telkemale na vore gekom dat daar tydens inkorporasie in 1921 nie van regeringsweë druk hieroor op die PUK uitgeoefen is nie. Naas die reeds aangehaalde uitsprake van dr Malan en ds Fick, wat as woordvoerder die PUK-wetsontwerp voorgestel het, het ook dr NJ van der Merwe, voorsitter van die Gekose Komitee, die Volksraad meegedeel dat hy tydens dié komitee se verrigtinge spesifiek gevra het waarom hulle dan nie destyds op die volle naam aangedring het nie. Hul reaksie was: "Dit was egter vir hulle genoeg dat die staat toegestaan het dat die christelike karakter van die skool kan gehandhaaf word." Morris Alexander het op sy beurt daarop gewys dat die bevorderaars van die privaat wetsontwerp in 1921 (ds de Klerk en prof Ferdinand Postma) gevra het vir 'n nuwe naam: "Dit was 'n doelbewuste oortuiging aan hul kant dat hulle slegs op daardie manier gelyke geldelike behandeling sou kry." [208]

JH Hofmeyr herinner hom dat die woorde "voor Christelik Hoger Onderwijs" wel in die eerste ontwerp in 1921 voorgekom het, maar nie in die laaste voorlegging nie. Hy beredeneer verder: "Hoe het die verandering daar gekom? Die lid vir Potchefstroom het gelyk gehad dat dit nie op aandrang van die Minister gebeur het nie. Hulle het self die verandering gemaak. Waarom? In getuienis is aan ons gesê, dat dit terwille van die usansie – terwille van die gebruik was." Hy wys verder daarop dat die usansie in daardie jare nog maar baie jonk en volstrek nie algemeen was nie, soos blyk uit die feit dat die Skool van Mynwese en Tegnologie destyds as sodanig by die Universiteit van Suid-Afrika ingelyf was. "Die werklike rede waarom hulle die verandering in 1921 gemaak het", sê Hofmeyr, "was omdat hulle wou probeer om die moontlike teenstand teen die ontwerp te verswak." [209]

Die algemene opvatting in die verlede was dat die PUK in 1921 van regeringsweë verplig was om sy "van" te laat vaar. Niemand minder nie as rektor Ferdinand Postma het dit later pertinent so gestel en het hierna verwys as "die verminkte vaandel", as " 'n smaadheid ons aangedoen … 'n smaadheid wat die Christelike Afrikaanse volk getref het … 'n smaadheid aan die Christelike belydenis". [210] By gebrek aan direkte, eerstehandse getuienis oor die redes daartoe, dui die oorwig omstandigheidsgetuienis egter daarop dat die naamsverandering vrywillig was. Heel waarskynlik het

die bevorderaars van die wetgewing, ds WJ de Klerk en prof Ferdinand Postma, gereken dat die verwysing na "Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs onder die naam Het Potchefstroom Universiteitskollege" in die titel en konsiderans van die wet voldoende beskerming aan die karakter van die instelling sou verleen. Tensy daar nie-amptelik subtiele druk vanuit hoër kringe, hetsy vanaf die federale opset hetsy vanaf regeringskant, uitgeoefen is en dit later veralgemeen is tot "regeringsdruk", het Postma onregverdiglik die blaam vir die "verminkte vaandel" op die regering geplaas.

Dr Malan was toe reg: die herstel van die naam van die PUK, deur die toevoeging van die beskrywende deel "vir Christelike Hoër Onderwys", was die einde van die aktiewe, PUK-gedrewe stryd teen die gewetensklousule. Maar dit was beslis nie die einde van die teenstanders se stryd teen die uitgesproke en onbeskaamd Christelike karakter van die PUK nie.